# Gr. 1 - 4

# Jaar 2

# Werkboek

**Hoe om die lesse te gebruik.**

Lesse is volgens CUM se kinderbybel uitgewerk. Daar is met opset nie ‘n handboek nie, want die Bybel is die handboek. Die droom is dat elke kind sy eie kinderbybel het. Ons werk oor ‘n tydperk van 4 jaar deur die Bybel.

Ons probeer:

- hulle leer om die Bybel te hanteer,
- ‘n liefde vir die Bybel ontwikkel,
- dat hulle leer om die Heilige Gees kans te gee om hulle lewens deur die Bybel te verander.
- dat hulle die Bybel, saam met die Heilige Gees, as gesag in hulle lewens aanvaar,
- dat hulle na 4 jaar die Bybel in verhaal vorm kan oorvertel.

Die inhoudsopgawe het ‘n *Bybelprente-bladsynommers*- en ‘n *Prente-Nommer-op-plakkaat* kolom. Sommige gemeentes maak vir hulle plakkate van die Bybelprente wat in die *Bybelprente-bladsynommers* kolom aangedui word. Kontak gerus vir CUM en vetrel hulle dat julle hulle Bybel vir julle kinderlesse gebruik. Hulle het my destyds toestemming gegee om afdrukke van hulle prente te maak, so ek dink nie hulle sal ‘n probleem daarmee hê nie. Hierde plakkaat word dan gebruik wanneer die kinders die verhale in volgorde oorvertel. Deur na die prente te kyk, help dit hulle om te onthou. Vir die kleintjies is dit soms pret om vir hulle ouers te wys dat hulle dit ken. Julle kan dalk kwartaalliks die ouers nooi om te kom kyk.

Jy sal ook sien dat daar bo aan die lesse *Kolle vir die register* geskryf staan. Sommeige gemeentes hou ‘n bywoningsregister. Hulle print die kinders se name onder mekaar, met kolomme langsaan vir elke geleentheid wat daar ‘n les gaan wees. Hulle koop dan kolle aan wat die kind elke keer langs sy naam kan plak as hy daar is. Sommige gemeentes lamineer ‘n A3 papier met slegs kolomme op. Hulle koop dan verskillende kleure afveebare koki’s aan. Hulle skryf die kinders se name op en elke week kry die kind ‘n geleentheid om ‘n kol langs sy naam te gaan maak. Op hierdie wyse kan hulle die bywoningsregister jaarliks hergebruik.

Daar is ook ‘n geleentheid om die *Bybel-boek-naam-liedjie* te oefen. Daar is verskillende kunstenaars met liedjies wat kinders help om die Bybelboekname aan te leer, byvoorbeeld Jan de Wet en die loflaaities en Soekie&Radikids.

Die lesse het inkleurprente aan die einde, maar daar word nie in die lesse daarna verwys nie. Dit is ‘n opsie wat julle tydens die lesaanbiedings kan gebruik. Soms deel die aanbieder die prente aan kinders uit wat nog baie klein of steurend is, sodat dit hulle besig hou terwyl die les aangebied word.

Ek hoop julle het baie pret met die lesse. Daar is geen kopiereg op nie, so gebruik dit asseblief met groot vrymoedigheid. Bebruik dit net so, gebruik dit vir inspirasie, pas dit aan, maak dit beter, kry beter prente... Moet dit asseblief net nie aan ander mense verkoop nie. Ek het nie ‘n probleem daarmee as julle byvoorbeeld drukkostes verhaal nie, maar die lesmateriaal moet asseblief altyd gratis beskikbaar wees. Jammer vir enige spel en taalfoute. Ek het ongelukkig nie die finansies om dit ordentlik te laat proeflees nie. Laat weet my groot asseblief wanneer jy op foute afkom, sodat ek dit kan regmaak.

**Inhoudsopgawe**


| Les no | Les Naam en bladsynommers | Prent no |
|---|---|---|
| 1. | Wat gaan ons die jaar doen? | |
| 2. | Bl. 90 - 99 Intog in die beloofde land | 1/1 |
| 3. | Bl. 102 - 105 Gideon | 1/2 |
| 4. | Bl. 106 - 113 Simson | 1/3 |
| 5. | Bl. 144 - 119 Rut | 1/4 |
| 6. | Hersiening | |
| 7. | Bl. 120 - 125 Om vir ‘n baba te wag/ ‘n Gebed uit die hart | 1/6 |
| 8. | Bl. 125 - 129 Die baba Samuel/ Samuel hoor God se stem | 1/7 |
| 9. | Bl. 130 - 134 Die verlore donkies/ God kies ‘n nuwe koning | 1/8 |
| 10. | Bl. 135 - 139 Dawid help Saul/ Dawid oorwin die reus | 1/9 |
| 11. | Hersiening | |
| 12. | Bl. 140 - 145 Koning Soal is jaloers/ Alleen in ‘n grot | 1/11 |
| 13. | Bl. 146 - 151 Alles is verlore/ Die ark van God kom in Jerusalem aan | 1/12 |
| 14. | Bl. 152 - 153 Dawid word ‘n moordenaar/ Die hartseer koning | 1/13 |
| 15. | Bl. 154 - 161 Die jong koning/ Die besoek van die koningin van Skeba | 1/14 |
| 16. | Bl. 162 - 165 Die kompetisie/ Vuur en reën | 1/15 |
| 17. | Bl. 166 - 169 Die vurige strydwa/ ‘n Snaakse manier om oor ‘n rivier te kom | 1/16 |
| 18. | Bl. 170 - 171 Die bodemlose oliekruik | 1/17 |
| 19. | Hersiening | |
| 20. | Bl. 172 - 175 Die wegloper van God/ Die groot vis | 1/19 |
| 21. | Bl. 176 - 177 Jona is gehoorsaam/ God is goed | 1/20 |
| 22. | Bl. 178 - 179 Jeremia bly agter | 1/21 |
| 23. | Bl. 180 - 185 ‘n Spesiale skool/ Die toets word geslaag | 1/22 |
| 24. | Bl.186 - 189 Die towenaars/ ‘n Koninkryk wat nooit ophou nie | 1/23 |
| 25. | Hersiening | |
| 26. | Bl. 190 - 191 Drie dapper mans | 1/25 |
| 27. | Bl. 192 - 193 Die koning se fees | 1/26 |
| 28. | Bl. 194 - 195 Die leeukuil | 1/27 |
| 29. | Bl. 196 - 201 Die trotse koning/ Mejuffrou Persië | 1/28 |
| 30. | Bl. 202 - 208 Die Jode moet sterf/ God se volk veg terug | 1/29 |
| 31. | Hersiening | |

| Graad 1 | | | |
|---|---|---|---|
| **Les no** | **Les Naam en Bladsynommers** | **Bybelprent bladsyno** | **Prentno** |
| **1** | Bl.90 – 99 Intog in die beloofde land | Bl. 98 | 1/1 |
| **2** | Bl. 102 – 105 Gideon | Bl. 102 | 1/2 |
| **3** | Bl. 106 – 113 Simson | Bl. 112 | 1/3 |
| **4** | Bl. 114 – 119 Rut | Bl. 117 | 1/4 |
| **5** | Hersiening | | |
| **6** | Bl. 120 - Bl. 125 Om vir 'n baba te wag – 'n Gebed uit die hart | Bl. 123 | 1/6 |
| **7** | Bl. 125 – 129 Die baba Samuel – Samuel hoor God se stem | Bl. 125 | 1/7 |
| **8** | Bl. 130 - 134 Die verlore donkies – God kies 'n nuwe koning | Bl. 134 | 1/8 |
| **9** | Bl. 135 – 139 Dawid help Saul – Dawid oorwin die reus | Bl. 139 | 1/9 |
| **10** | Hersiening | | |
| **11** | Bl. 140 – 145 Koning Saul is jaloers – Alleen in 'n grot | Bl. 142 | 1/11 |
| **12** | Bl. 146 – 151 Alles is verlore – Die ark van God kom in Jerusalem aan | Bl. 149 | 1/12 |
| **13** | Bl. 152 – 153 Dawid word 'n moordenaar/ Die hartseer koning | Bl. 153 | 1/13 |
| **14** | Bl. 154 – 161 Die jong koning – Die besoek van die koningin van Skeba | Bl. 156 | 1/14 |
| **15** | Bl. 162 – 165 Die kompetisie/ Vuur en reën | Bl. 164 | 1/15 |
| **16** | Bl. 166 – 169 Die vurige strydwa/ 'n Snaakse manier om oor 'n rivier te kom | Bl. 166 | 1/16 |
| **17** | Bl. 170 – 171 Die bodemlose oliekruik | Bl. 170 | 1/17 |
| **18** | Hersiening | | |
| **19** | Bl. 172 – 175 Die wegloper van God – Die groot vis | Bl. 174 | 1/19 |
| **20** | Bl. 176 – 177 Jona is gehoorsaam/ God is goed | Bl. 177 | 1/20 |
| **21** | Bl. 178 – 179 Jeremia bly agter | Bl. 178 | 1/21 |
| **22** | Bl. 180 – 185 'n Spesiale skool – Die toets word geslaag | Bl. 181 | 1/22 |
| **23** | Bl. 186 – 189 Die towenaars – 'n Koninkryk wat nooit ophou nie | Bl. 188 | 1/23 |
| **24** | Hersiening | | |
| **25** | Bl. 190 – 191 Drie dapper mans | Bl. 191 | 1/25 |
| **26** | Bl. 192 – 193 Die koning se fees | Bl. 193 | 1/26 |
| **27** | Bl. 194 – 195 Die leeukuil | Bl. 195 | 1/27 |
| **28** | Bl. 196 – 201 Die trotse koning – Mejuffrou Persië | Bl. 201 | 1/28 |
| **29** | Bl 202 – 208 Die Jode moet sterf – God se volk veg trug | Bl. 206 | 1/29 |
| **30** | Hersiening | | |

**Les 1**
**Wat gaan ons die jaar doen?**

Benodigdhede vir die les: Afgerolde profielle van ‘n kop (kyk aan die eiende van die les)
Potlode
Uitveërs
Gom

1. Administrasie
    - Vul die register in die lêer in.
    - Maak asseblief seker die kerkkantoor kry ‘n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Wat ons hierdie jaar gaan doen:
    - Die gr. 2 en 3’s het al die les gedoen. Dit is dus hersiening vir hulle.
    - Elke les het twee doele:
        - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
        - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.

3.1 Ons gaan leer om die Bybel uit ons koppe oor te vertel
- Wys vir die kinders die groot bord met die jaar se Bybelprente.
- Verduidelik dat hulle aan die einde van die jaar AL die verhale, in volgorde, gaan kan oorvertel.
    - Hulle gaan dit in die kerk opsê.
- Kyk of hulle nóú al ván die verhale kan vertel, deur net na die prente te kyk.

3.2 Ons gaan leer om oor die Bybel te dink
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink. Print dit uit (Jy kan met die kerkkantoor reël) en plak dit in die klas teen die muur. Dit moet die hele jaar daar bly en jy moet kort-kort daarna verwys sodat die kinders onthou waaoroor die prent gaan.
- Vra vir die kinders:
    - Waaroor dink die seuntjie en dogtertjie? **Die Bybel**
    - Waarom dink hulle oor die Bybel?


4. Waarom dink ons oor die Bybel?
- Gee vir elkeen ‘n afgerolde papier met die profiel van ‘n kop en ‘n potlood.
- Laat hulle bo aan die prent skryf: *Dink oor die Bybel*
- Laat hulle ‘n paar sondes opnoem wat mense doen.
- Vir die wat kan skryf: laat hulle ‘n paar sondes in die kop skryf. (**In potlood)**
- Vir die wat nie kan skryf nie, laat hulle ‘n prentjie van ‘n sonde teken (byv. Iemand wat steel)
- Verduidelik aan hulle, dat wanneer ‘n mens oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die slegte dinge in ons breine uit te vee en dmooi dinge in ons breine te plant. (Vir die ouer kinders: die slegte “softwear” word “delete” en die goeie “softwear” word

















“gedownload”)

- Die mooi dinge wat Jesus in ons breine wil plant, staan in die Bybel.
- Lees sommer enige sin uit die Kinderbybel, Laat hulle dan ‘n woord of twee uit die kop uitvee. Lees weer ‘n sin, laat hulle weer uitvee… hou so aan tot alles in die kop uitgevee is.
- Verduidelik weer dat Jesus kans kry om die lelike goed uit ons breine/gedagtes te haal, wanneer ons oor die Bybel dink.
- Aan die einde van die les is ‘n bladsy vol Bybelprentjies. Print dit uit en knip vir elke kind een uit. Laat hulle dit in die koppe plant.
- Verduidelik weer dat wanneer ons oor die Bybel dink, sit Jesus mooi dinge in ons koppe/gedagtes.
- Wanneer ons oor die Bybel dink, verander Jesus ons, sodat ons ophou om mekaar seer te maak.

5. Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink. Verwys nou spesifiek na die opskrif: **Wanneer ek oor die Bybel dink, verander Jesus my, sodat ek ophou om ander mense seer te maak.**

- Laat hulle dit ‘n paar maal opsê.
- Vra elke keer: Waarom dink ons oor die Bybel?
- Laat hulle dan, hardop, saam antwoord: Sodat Jesus my kan verander, sodat ek ophou om ander mense seer te maak.




DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

DIE KINDER-
BYBEL
Vertel deur
Anne de Graaf
Illustrasies deur
José Pérez Montero

Wanneer
ek oor die
Bybel dink,
verander
Jesus my,
sodat ek
ophou om
ander
mense seer
te maak.



**Les 2**
**Kinderbybel bladsy 90 tot 99**
**Intog in die beloofde land**

Benodigdhede
- Klere (lakens/ handdoeke) wat die kinders kan aantrek sodat hulle soos Bybelkarakters kan lyk.
- Vir elke kind 'n prent van 'n kop (beskikbaar aan die einde van die les).

1. Administrasie
   - Vul die register in die lêer in.
   - Maak asseblief seker die kerkkantoor kry 'n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
   - Elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
     - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif 'n paar maal hardop opsê.

4. Oefen om oor die Bybel te dink.
   - Vir die volgende 4 lesse, gaan ons die *dink oor die Bybel* redelik intens inoefen. Daarna gaan ons dit weer vir 'n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
   - Vir die volgende 4 lesse is dit belangrik dat elke kind, elke week, 'n prent van 'n kop, soos aan die einde van die les, en 'n potlood ontvang.
   - Vir die volgende 4 lesse gaan hulle elke keer 'n geleentheid kry, waartydens die kinders, hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
   - Dit gaan baie maklik gebeur dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

5. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 90 oopmaak.
   - Laat hulle soos Bybelkarakters aantrek voor julle die verhaal begin lees/vertel.
   - Aan die einde van die les is 'n prent van 'n kop. Maak vir elkeen 'n afskrif en deel dit aan hulle uit.
   - Gee vir elkeen 'n potlood.
   - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: "Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U hierdie verhaal in die Bybel gesit het."
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees).
   - Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi

geluister het.

- Hulle gaan ook elkeen ‘n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink wat hulle in die brein, van die kop, gaan teken.

6. Vrae:

- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

6.1 Na watter stad moes die verkenners gaan? (Jerigo)
6.2 Wat was die vrou se naam wat hulle gehelp het? (Ragab)
6.3 Wat het Ragab vir die verkenners gesê oor die stad se mans? (Hulle is bang vir die Israeliete.)
6.4 Wat moes Ragab doen sodat die Israeliete nie haar tydens die oorlog seermaak nie? (Sy moes die rooi tou by die venster laat uithang.)
6.5 Waarom dik jy het Jesus hierdie verhaal in die Bybel gesit?
(Die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat ‘n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om ‘n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)

7. Laat hulle nou die verhaal oorvertel.

8. Gee nou vir die kinders kans om ‘n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 6.5 geantwoord het, teken.


9. Opsies vir vaslegging:

9.1 Opvoering:

- Verdeel die verhaal in karakters en laat hulle dit opvoer.

9.2 Speletjie: Wegkruipertjie

- Kies ‘n area om die kerk en speel wegkruipertjie.
- Aangesien daar waarskynlik nie weer tyd gaan wees om terug te gaan klas toe nie, sal dit goed wees om voor die tyd die verband tussen die speletjie en Bybelverhaal te bespreek.
    - Israel se verkenners moes vir Jerigo se soldate wegkruip.





**Kleur die prent mooi in.**

**Les 3**
**Kinderbybel bladsy 102 tot 105**
**Gideon**

Benodigdhede
- Vir elke kind 'n prent van 'n kop (beskikbaar aan die einde van die les 2).
- 'n Bak met 'n plat bodem.
- Vier glasies.
- 'n Stuk papier. Dit moet net-net kleiner as die bak wees.
- 'n Beker of bottel met water.

1. Administrasie
   - Vul die register in die lêer in.
   - Maak asseblief seker die kerkkantoor kry 'n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Hersiening
   - Kyk wie laas week se Bybelverhaal kan opsê.

3. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

4. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
   - Elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
     - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif 'n paar maal hardop opsê.

5. Oefen om oor die Bybel te dink.
   - Onthou, ons is besig om die *dink oor die Bybel* redelik intens in te oefen. Daarna gaan ons dit weer vir 'n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
   - Dit is dus belangrik dat elke kind, elke week, 'n prent van 'n kop, soos aan die einde van die les, en 'n potlood ontvang.
   - Hulle kry elke week 'n geleentheid, waartydens hulle hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
   - Onthou, dit gebeur baie maklik dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

6. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 102 oopmaak.
   - Aan die einde van les 2 is 'n prent van 'n kop. Maak vir elkeen 'n afskrif en deel dit aan hulle uit.
   - Gee vir elkeen 'n potlood.
   - Verduidelik aan die kinders dat, nadat Josua dood is, het God elke keer iemand

gegee wat Israel kon lei wanneer dit nodig was. Hierdie leiers is rigters genoem. Ons gaan hierdie jaar van twee rigters leer, naamlik Gideon en Simson. Vandag gaan ons van Gideon lees.

- Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: “Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U die verhaal in die Bybel gesit het.”
- Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)
- Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
- Hulle gaan ook elkeen ‘n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink watter deel van die verhaal hulle in die brein, op die prent, gaan teken.

7. Vrae:

- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

7.1 Wat was die rigter se naam waarvan ons vandag uit die Bybel gelees het? (Gideon)
7.2 Wat moes hierdie rigter afbreek? (Die beelde van die afgode)
7.3 Wat wou die mense met hom doen nadat hy die afgodsbeelde afgebreek het? (Hulle wou hom doodmaak.)
7.4 Hoe het hy sekergemaak dat God wou hê dat hy teen Israel se vyande moes gaan oorlogmaak? (Hy het ‘n skaapvelletjie twee keer buite neergesit. Die eerste keer was dit nat, maar die grond om dit was droog. Die tweede keer was dit droog, maar die grond om dit was nat.)
7.5 Met hoeveel manne het Gideon op die ou end gaan veg? (300)
7.6 Vra vir hulle waarom hulle dink Jesus die verhaal oor Gideon in die Bybel gesit het. (Die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat ‘n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om ‘n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)

8. Laat hulle nou die verhaal oorvertel.

9. Gee nou vir die kinders kans om ‘n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 7.6 geantwoord het, teken.

10. Opsies vir vaslegging:

10.1 Aktiwiteit: Moenie die papier natmaak nie.

- Neem die platboombak.
- Plaas die vier glase, onderstebo, daarin. Rangskik hulle op so ‘n manier dat jy die papier op hulle kan neersit en dat die glase die papier in die lug sal hou. Soos ‘n tafel op sy pote.
- Laat lê die papier op die glase. Die idiaal is dat daar baie min spasie tussen die papier

en die rand van die bak is.

- Gee nou vir elke kind ‘n geleentheid om ‘n beker vol water in die bak te probeer gooi, sonder dat die papier natspat.
- Vra vir die kinders wat die aktiwiteit met die verhaal van Gideon te doen het.

10.2 Speletjie: Wie mag saamgaan om te veg?

- Kies een maatjie wat bevele skree wat die res moet uitvoer.
- Die bevele en gepaargaande aksies is soos volg:
- Bevel: Gaan huistoe! Akise: Die kinders hardloop op een plek.
- Bevel: Kniel en drink water! Aksie: Die kinders gaan staan op hulle knieë, buig vooroor en maak of hulle soos diere waterdrink.
- Bevel: Staan en drink water! Aksie: Die kinders staan op een plek, maak of hulle water met hulle hande skep en dit drink.
- Kinders wat die bevel verkeerd uitvoer of dit laaste uitvoer, is uit. Gee verskillende maats ‘n beurt om die bevele uit te roep.
- Vra vir die kinders wat die speletjie met die Bybelverhaal te doen het.



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 4**
**Kinderbybel bladsy 106 tot 113**
**Simson**

Benodigdhede
- Vir elke kind ‘n prent van ‘n kop (beskikbaar aan die einde van les 2).

1. Administrasie
   - Vul die register in die lêer in.
   - Maak asseblief seker die kerkkantoor kry ‘n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Hersiening
   - Kyk wie laas week se Bybelverhaal kan opsê.

3. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

4. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
   - Elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
     - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif ‘n paar maal hardop opsê.

5. Oefen om oor die Bybel te dink.
   - Vandag is die tweedelaaste keer wat ons die *dink oor die Bybel* redelik intens gaan inoefen. Daarna gaan ons dit weer vir ‘n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
   - Dit is dus belangrik dat elke kind, ‘n prent van ‘n kop, soos aan die einde van die les, en ‘n potlood ontvang.
   - Laat hulle hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
   - Onthou, dit gebeur baie maklik dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

6. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 106 oopmaak.
   - Aan die einde van les 2 is ‘n prent van ‘n kop. Maak vir elkeen ‘n afskrif en deel dit aan hulle uit.
   - Gee vir elkeen ‘n potlood.
   - Verduidelik aan die kinders dat, nadat Josua dood is, het God elke keer iemand gegee wat Israel kon lei wanneer dit nodig was. Hierdie leiers is rigters genoem. Laas week het ons van Gideon gelees en vandag lees ons van Simson.
   - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: “Here, help ons asseblief

om te verstaan waarom U die verhaal in die Bybel gesit het."

- Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)
- Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
- Hulle gaan ook elkeen 'n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink watter deel van die verhaal hulle in die brein, op die prent, gaan teken.

7. Vrae:

- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

7.1 Wie was die Israeliete se vyande in Simson se tyd? (Die Filistyne)

7.2 Wat weet ons alles van Simson se hare? (Hulle het dit nooit gesny nie. Dit was 'n teken dat hy aan God behoort het.)

7.3 Watter interessante ding het binnein die leeu, wat Simson doodgemaak het, gebeur? (Bye het daarbinne nes gemaak.)

7.4 Wie kan Simson se raaisel opsê? (Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets.)

7.5 Wat het die Filistyne gesê sal hulle met Simson se vrou doen as sy nie vir hulle die betekenis van die raaisel gee nie? (Hulle sal haar pa se huis afbrand.)

7.6 Wat was die vrou se naam vir wie hy uiteindelik die geheim van sy hare vertel het? (Delila)

7.7 Hoe is Simson op die ou end dood? (Hy het die pilare van die groot saal omgestoot.)

7.8 Vra vir hulle waarom hulle dink Jesus die verhaal oor Simson in die Bybel gesit het. (Onthou, die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat 'n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om 'n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)

8. Laat hulle nou die verhaal oorvertel.

9. Gee nou vir die kinders kans om 'n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 7.8 geantwoord het, teken.

10. Opsies vir vaslegging:

10.1 Handwerk: Probeer van die volgende handwerk idees.

- Dalk kan jy 'n paar van die idees kombineer. Byvoorbeeld om die valshare op die kinders se koppe te sit en dan te knip, as of jy hulle lang hare afknip.









10.2 Speletjie:

- "Who knows how to play 'Rock, Paper, Scissors?'" **(Even if some people know, you will need to give the full instructions if anyone is unfamiliar with the rules.)**
- "'Rock, Paper, Scissors' is a fun game of competition."
- "Here's how it works: two people compete to see who can beat the other."
- "After counting to three, each person chooses either 'rock,' 'paper' or 'scissors.'"
- "If both players choose the same thing, it's a tie."
- "If players choose differently, then 'rock' beats 'scissors,' because a rock could break a pair of scissors."
- "'Scissors' beats 'paper,' because a pair of scissors could cut the paper."
- "'Paper' beats 'rock,' because a piece of paper could cover a rock."
- "Does that make sense to everyone?"
- "'Rock' beats 'scissors;' 'scissors' beats 'paper;' 'paper' beats 'rock.'" **(If you need to, show them how to play the game with their hands. Each player counts to three, and on "three" makes the sign for either 'rock' (balled fist), 'scissors' (separated index and middle fingers – like making "bunny ears"), or 'paper' (open hand). Play a few rounds.)**
- "Now, I want to show you a new way to play."
- "Instead of using just your hands, we are going to use your entire bodies, and we're going to use it to tell part of the story of Samson."
- "It works like this: in each round, you can choose to be Samson, Delilah or the Lion."
- "If you are Samson, you grunt and make a 'muscle-man' pose like this." **(Demonstrate the pose by flexing your muscles.)**
- "If you are Delilah, you say, "Oooh, la, la," put your hands on your hips and then shake your hips back and forth." **(Demonstrate.)**
- "If you are the Lion, you "ROOOOOAAAAAR!' show your fangs and your claws." **(Demonstrate.)**
- "Samson beats the Lion; the Lion beats Delilah, and Delilah beats Samson."
- "Want to try?"
- "Okay, everyone find a partner, and stand back-to-back."
- "I'm going to count to three."

- “When I get to three, both of you should jump around to face the other person and make both the sound and noise for either Samson, Delilah or the Lion.”
- “ONE – TWO – THREE!” **(Do one or two rounds to make sure they get it. Then, start eliminating players that lose. If two players tie (choose the same strategy), both are out. This will make sure that you always have an even number of people. If you start with an uneven number of people, you can join the game until you are eliminated.)**



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 5**
**Kinderbybel bladsy 114 tot 119**
**Rut**

Benodigdhede
- Vir elke kind ‘n prent van ‘n kop (beskikbaar aan die einde van les 2).

1. Administrasie
    - Vul die register in die lêer in.
    - Maak asseblief seker die kerkkantoor kry ‘n lys met ál die name van die kinders in jou klas.

2. Hersiening
    - Kyk wie laas week se Bybelverhaal kan opsê.

3. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

4. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
    - Elke les het twee doele:
        - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
        - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
        - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif ‘n paar maal hardop opsê.

5. Oefen om oor die Bybel te dink.
    - Vandag is die laaste keer wat ons die *dink oor die Bybel* redelik intens gaan inoefen. Daarna gaan ons dit weer vir ‘n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
    - Dit is dus belangrik dat elke kind, ‘n prent van ‘n kop, soos aan die einde van die les, en ‘n potlood ontvang.
    - Laat hulle hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
    - Onthou, dit gebeur baie maklik dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

6. Lees die Bybel
    - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 114 oopmaak.
    - Aan die einde van les 2 is ‘n prent van ‘n kop. Maak vir elkeen ‘n afskrif en deel dit aan hulle uit.
    - Gee vir elkeen ‘n potlood.
    - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: “Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U die verhaal in die Bybel gesit het.”
    - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by

die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

- Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
- Hulle gaan ook elkeen ‘n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink watter deel van die verhaal hulle in die brein, op die prent, gaan teken.

7. Vrae:

- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

7.1 Wat was Rut se skoonma se naam? (Naomi)

7.2 Wat het Rut gedoen om vir haar en Naomi kos te kry? (Sy het koringare opgetel.)

7.3 Boas en Rut het getrou en ‘n seun met die naam Obed gehad. Watter belangrike koning is later uit hulle nageslag gebore? (Koning Dawid; die outjie wat vir Goliat, die reus gewen het.)

7.4 Waarom dink jy het God die verhaal in die Bybel gesit?
(Onthou, die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat ‘n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om ‘n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)

8. Laat hulle nou die verhaal oorvertel.

9. Gee nou vir die kinders kans om ‘n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 7.8 geantwoord het, teken.

10. Opsies vir vaslegging:

10.1 Aan die einde van die les is ‘n doolhof waar Rut saam met Naomi terug gaan na haar land. Maak vir elke kind ‘n afskrif en laat hulle die regte roete met ‘n potlood intrek.

10.2 Speletjie: Mimiek

- Israel was die lig vir die wêreld. Hulle moes so liefdevol leef dat ander volke ook Jode wou word (deel van hulle wou word).
- Naomi was so mooi voorbeeld vir Rut, dat sy ook ‘n Jood (‘n kind van God) wou word.
- Verduidelik bogenoemde konsep en speel dan die volgende speletjie.

Een persoon probeer om 'n ander na te boots terwyl hulle vir mekaar kyk. Een persoon lei. Spoor hulle met idees aan.

Begin met eenvoudige dinge, soos hand- en beenbewegings. Gaan dan na verskeie mimiekbewegings vir begrippe soos gebed, aanbidding, krag, diens, liefde en dan

aanvaarding.

Stop en vra hoe maklik / moeilik dit was. Was dit moeilik om die leier na te boots?


Laat hulle na ‘n ruk ruil sodat ‘n ander een die geleentheid kan kry om die nabootser te wees.

Die kleintjies kan “follow the leader “ speel, waar die kinders in ‘n ry stap en die voorste kind doen allerhande snaakse goed wat die res moet naboots.

Hier is ‘n paar moeiliker idees vir van die ouer kinders:

- Lyk soos Jesus.
- Lyk soos iemand wat vol geloof is.
- Dit lyk of jy die regte ding doen.
- Lyk of jy lank en dapper is.
- Lyk of jy iets sleg verwerp.
- Lyk of jy iemand help.




Moab
Israel



**Kleur die prent mooi in.**


**Les 6**
**Hersiening Les 1 - 5**

1. Blaai saam met die kinders deur les 1 tot 5 se Bybelprente.
- Dit is belangrik dat elke kind deur sy eie Bybel blaai.
- Oefen om al die verhale oor te vertel, deur slegs na die prente te kyk.
- Herinner die kinders dat hulle dit goed moet ken, want hulle gaan elke kwartaal ‘n kans kry om die verhale vir die gemeente, in die kerk, te vertel.
- Hulle gaan ook die Bybel-boek-naam-liedjie in die kerk sing tot waar hulle hom ken.

2. Speel weer van les 1 tot 5 se speletjies of herhaal van die aktiwiteite wat die kinders die meeste geniet het.









**Les 7**
**Om vir 'n baba te wag/ 'n Gebed uit die hart**
**Kinderbybel bladsy 120 tot 125**

1. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 120 oopmaak.
   - Vertel vir die jonger kinders die verhaal en gee die ouer kinders die geleentheid om jou te help lees. Lees tot net voor "Die Baba Samuel."
   - Vra vir hulle so tussendeur 'n paar vrae om seker te maak dat almal mooi luister. Hier is 'n paar moontlike vrae, maar jy kan jou eie ook opmaak.
     - Wat is die man in die verhaal se naam? (Elkana)
     - Wat is die twee vroue, in die verhaal, se name? (Peninna en Hanna)
     - Wat wou Hanna baie graag hê? ('n Baba)
     - Wat het Elkana gedoen om vir Hanna te troos? (Vir haar meer vleis gegee)
     - Watter baie lelike ding het Peninna vir Hanna gesê? (Dat sy besig is om oud te word, dat Elkana dan gaan ophou om vir haar ekstra vleis te gee en dat sy nie 'n kind gaan hê om haar te troos nie.)
     - Wat is die priester se naam? (Eli)
     - Wat het die priester van Hanna gedink? (Dat sy te veel wyn gedrink het; dat sy dronk was.)

2. Vasleggingspeletjie
   - .Laat die kinders op hulle hurke sit.
   - Begin die speletjie deur elke keer een van die volgende eenvoudige bevele uit te roep:
     - Elkana (Die kinders spring regop en gaan sit weer op hulle hurke.)
     - Hanna (Die kinders spring regop en gaan sit weer op hulle hurke.)
     - Peninna (Die kinders bly sit op hulle hurke.)
   - Voeg nou die volgende bevele by:
     - Vleis (Hulle spring regop, maak of hulle vleis hap en kou en gaan sit weer op hulle hurke.)
     - Huil (Vou in 'n bondeltjie op die grond en maak of hulle huil.)
     - Bid (Staan reggop op hulle knieë en vou hulle hande in gebed voor hulle saam.)
   - Wissel nou die 6 bevele af en kyk of jy hulle kan uitvang. Dalk moet jy die bevele vir die jonger kinders verminder.

3. Teksversmemorisering
   - Vra vir die kinders of hulle al ooit in hulle lewens iets baie graag wou hê. Laat hulle 'n paar stories uit hulle eie lewens vertel.
   - Laat hulle vir jou wys hoe 'n mens vir iets smeek as jy baie graag iets wil hê.
   - Vra vir die kinders of hulle al ooit baie dankbaar was oor iets. Laat hulle 'n paar stories uit hulle eie lewens vertel.
   - Laat hulle vir jou wys hoe 'n mens dankie sê wanneer 'n mens baie dankbaar is.
   - Lees Fil. 4: 6 vir die kinders uit die gewone Bybel.
   - Aan die einde van die les is 'n plakkaat wat die kinders sal help om die teksvers te memoriseer. Maak 'n afdruk en plak dit vir die res van die jaar teen die muur.

4. Wie kan die verhaal op hulle eie oorvertel?
   - Kyk wie die Bybelverhaal nog mooi kan onthou.
   - Gee vir die kinders die geleentheid om die Bybelverhaal op hulle eie oor te vertel.

# Filippense 4 vers 6

Moenie jou
bekommer nie!



Sê vir God alles terwyl jy smeek en dankie sê.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 8
## Bl. 125 - 129 Die baba Samuel/ Samuel hoor God se stem

1. Hersiening
   - Wie van hulle kan nog laas week se Bybelverhaal oorvertel?
   - Wie kan nog die teksvers uit hulle koppe opsê?

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 125 oopmaak.
   - Begin by "Die Baba Samuel".
   - Vertel vir die jonger kinders die verhaal en gee die ouer kinders die geleentheid om jou te help lees. Lees tot net voor "Die Baba Samuel."
   - Lees tot by bl. 129. Jy kan afwissel tussen lees en vertel.
   - Onthou, dit help soms om soos die Bybelkarakters aan te trek. Selfs al is dit net 'n handdoek om die kop.
   - Dit is ook goed om soms die manier waarop julle sit af te wissel. In plaas van op die bankies of stoele sit, kan jy 'n kombers op die vloer gooi en die kinders in 'n kring op die vloer laat sit. 'n Mens skep ook atmosfeer deur die ruite met 'n handdoek toe te maak of met papier toe te plak om dit bietjie donkerder in die klas te maak. Droom bietjie oor atmosfeer skep vir die Bybelverhaal en deel jou suksesse met ons.
   - Vra vir hulle so tussendeur 'n paar vrae om seker te maak dat almal mooi luister. Hier is 'n paar moontlike vrae, maar jy kan jou eie ook opmaak.
     - Wat het Hanna haar seuntjie genoem? (Samuel)
     - Wat beteken die naam Samuel? Het hierdie naam iets met laas week se Bybelvers te doen? (Van die Here gesmeek. Hanna het mos vir die Here vir 'n kind gesmeek.)
     - Wat was die priester se naam wat vir Samuel grootgemaak het? (Eli)
     - Wat het een aand gebeur terwyl Samuel geslaap het? (Hy het 'n stem gehoor wat sy naam roep.)
     - Wie, het Samuel gedink, roep hom? (Eli)
     - Na hoeveel keer het Eli besef dat dit God is wat vir Samuel roep? (Drie keer)
     - Wat het God vir Samuel gesê? (God het die slegte dinge gesien wat Eli se seuns gedoen het.)

3.1 Speletjie vir vaslegging
   - Laat die kinders in 'n kring sit. Hoe wyer hulle uitmekaar sit (vêr uitmekaar), hoe beter werk die speletjie.
   - Kies een kind om Samuel te wees. Samuel maak of hy/sy in die middel van die kring lê en slaap. Sy oë moet toe wees tot dat jy vir hom sê dat hy dit mag oopmaak.
   - Wys nou na 'n kind. Daardie kind sê: "Samuel!"
   - Sê vir Samuel dat hy maar sy oë mag oopmaak. Hy moet nou raai wie hom "wakker gemaak het".
   - As hy reg is, ruil hy om die een wat sy naam genoem het. As hy verkeerd is, slaap hy weer en kry iemand anders 'n kans om "Samuel "te sê.
   - As hulle dit te maklik vind, laat hulle in 'n groter kring sit.

3.2 Gesels oor die speletjie
   - Vra vir die kinders waarom dit soms maklik was om te weet wie jou "wakker gemaak het"? Help hulle om uit te kom by die feit dat jy soms die persoon se stem herken het.
   - Vra vir hulle of hulle weet waarom Samuel nie geweet het dat dit God is wat hom roep nie. Die Bybel sê vir ons dat dit is omdat hy nog nie God se stem geken het nie.

3.3 Oefen om God se stem te hoor

- Vra vir die kinders om hulle oë toe te hou.
- Vra vir hulle om vir ‘n rukkie so stil te sit en te kyk wat alles in hulle koppe opkom. Hulle moet kyk watter prentjies opkom. Waaraan dink hulle?
  - Het een van hulle aan iets op die TV gedink?
  - Het een van hulle aan skool gedink?
  - Het van hulle aan kos gedik?
  - Is daar van hulle wat wil deel waaraan hulle gedink het.
- Sê vir hulle dat God se stem ook tussen al die goed in hulle koppe is. Ons weet nog nie altyd wanneer dit Sy stem is nie, want ons ken dalk nog nie Sy stem nie. Ons moet oefen om te weet wanneer dit Hy is wat met ons in ons gedagtes praat.
- Meeste kinders sal waarskynlik tevrede wees om hier op te hou, maar as daar kinders is wat meer wil weet, kan jy soos volg verduidelik:
  - Gedagtes kan net van 3 plekke af kom, naamlik God, die duiwel en ons eie gedagtes. Ons eie gedagtes sluit die dinge wat ons op TV sien in, asook alles wat ons lees, hoor of sien.
  - Hoe weet ons dit is God wat praat? God sal nooit vir ons iets leer wat wat nie in die Bybel staan nie. Die Bybel is mos in die eerste plek God se woorde.
  - As die gedagtes iets goeds en liefdevol is, is dit waarskynlik van God af. As jy ‘n gedagte kry dat jy dalk met ‘n kind in die skool moet gesels of selfs net vriendelik moet wees, is dit waarskynlik God wat dit vir jou sê. As jy getrou is in Sy klein opdraggies, sal Hy jou begin vertrou met al groter opdragte.



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 9**
**Kinderbybel bladsy 130 tot 133**
**Die verlore donkies/ Saul word koning**

1. Hersiening
   - Wie van hulle kan nog laas week se Bybelverhaal oorvertel?

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 130 oopmaak.
   - Begin by "Die Baba Samuel".
   - Vertel vir die jonger kinders die verhaal en gee die ouer kinders die geleentheid om jou te help lees.
   - Lees tot by bl. 133. Jy kan afwissel tussen lees en vertel.
   - Onthou, dit help soms om soos die Bybelkarakters aan te trek. Selfs al is dit net 'n handdoek om die kop.
   - Dit is ook goed om soms die manier waarop julle sit af te wissel. In plaas van op die bankies of stoele sit, kan jy 'n kombers op die vloer gooi en die kinders in 'n kring op die vloer laat sit. 'n Mens skep ook atmosfeer deur die ruite met 'n handdoek toe te maak of met papier toe te plak om dit bietjie donkerder in die klas te maak. Droom bietjie oor atmosfeer skep vir die Bybelverhaal en deel jou suksesse met ons.
   - Vra vir hulle so tussen deur 'n paar vrae om seker te maak dat almal mooi luister. Hier is 'n paar moontlike vrae, maar jy kan jou eie ook opmaak.
     - Wat wou die mense hê? ('n koning)
     - Het Samuel ook gedink dat dit 'n goeie plan was? (Nee, hy het vir die mense gesê dat net God hulle koning moet wees.)
     - Na wie toe het Saul se slaaf gesê moet hulle gaan om hulle te help om hulle donkies te kry? (Na Samuel toe.)
     - Warheen het Samuel vir Saul genooi? (Na 'n feesmaaltyd toe.)
     - Waarom het Samuel olie oor Saul se kop uitgegooi? (As teken dat God hom gekies het as koning van Sy volk.)
     - Waar het Saul gaan wegkruip? (Tussen die sakke en mandjies.)

3. Idees vir vaslegging

3.1 Donkie resies
   - Maak 'n donkiekostuum soos in die prentjie.
   - Hou 'n donkieresies. Laat die kinders in 'n ry agtermekaar staan. Die voorste kind klim in die donkiekostuum. Hy hardloop tot by 'n afgemerkte lyn en terug en dan is dit die volgende kind in die ry se beurt. Neem die tyd en kyk hoe land dit die hele klas neem om die resies te voltooi.



3.2 Soek die koning

- Maak 'n kroon uit papier.
- Kies 'n maatjie om die kroon op te sit en te gaan wegkruip.
- Die klas soek dan die koning tot dat hulle hom kry.
- Gee 'n volgende kind 'n beurt.

3.3 Maak donkiemaskers van papierborde.




# Les 10
## Kinderbybel bladsy 134 tot 139
## Dawid help Saul/ Dawid oorwin die reus

1. Hersiening
   - Wie van hulle kan nog laas week se Bybelverhaal oorvertel?

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 134 oopmaak.
   - Vertel vir die jonger kinders die verhaal en gee die ouer kinders die geleentheid om jou te help lees.
   - Lees tot by bl. 139. Jy kan afwissel tussen lees en vertel.
   - Onthou, dit help soms om soos die Bybelkarakters aan te trek. Selfs al is dit net ‘n handdoek om die kop.
   - Dit is ook goed om soms die manier waarop julle sit af te wissel. In plaas van op die bankies of stoele sit, kan jy ‘n kombers op die vloer gooi en die kinders in ‘n kring op die vloer laat sit. ‘n Mens skep ook atmosfeer deur die ruite met ‘n handdoek toe te maak of met papier toe te plak om dit bietjie donkerder in die klas te maak. Droom bietjie oor atmosfeer skep vir die Bybelverhaal en deel jou suksesse met ons.
   - Vra vir hulle so tussendeur ‘n paar vrae om seker te maak dat almal mooi luister. Hier is ‘n paar moontlike vrae, maar jy kan jou eie ook opmaak.
     - Was Saul ‘n goeie koning? (Hy was aan die begin, maar later het hy selfsugtig geraak.)
     - Wie was die nuwe koning wat God gekies het? (Dawid)
     - Watse werk het Dawid gedoen? (Skape opgepas)
     - Hoe het dit gebeur dat Dawid by Saul beland het. (Hy moes vir Saul kom musiek maak om te help om hom te kalmeer.)
     - Waarom het Dawid na die slagveld toe gegaan waar sy broers besig was om te veg? (Sy pa het hom gestuur om vir sy broers kos te neem.)
     - Wat was die reus se naam? (Goliat)
     - Wat se lelike goed het Goliat gesê? (Hy het gesê God is swak en help nie die Israeliete nie. Enige van die goed wat hy gesê het.)
     - Waarom kon Dawid nie Saul se wapenrusting dra nie? (Dit was te groot.)
     - Hoe het Dawid die reus oorwin?

3. Idees vir vaslegging

3.1 Maak slingervelle.
   - Maak ‘n slingervel van wol en ‘n stukkie materiaal.
   - Sny vir elke kind ‘n stukkie materiaal as die velletjie en bind aan elke kant ‘n stukkie wol van min of meer 60cm.



3.2 Gooi met ‘n slingervel.


- Maak ‘n slingervel van wol en ‘n stukkie materiaal.
- Sny ‘n stukkie materiaal as die velletjie en bind aan elke kant ‘n stukkie wol van min of meer 60cm.
- Rol balletjies van papier.
- Sit ‘n papier of polistereenkoppie neer en kyk wie dit met die slingervel kan raakgooi.

4. Teksversvaslegging


- Aan die einde van die les is ‘n plakkaat met die teksvers 1 Sam. 17: 45.
- Maak ‘n afskrif en plak dit vir die res van die jaar teen die muur.
- Leer die teksvers vir die kinders aan.

# 1 Samuel 17 vers 45

Dawid sê vir die Filistyn:
“Jý kom na my toe met
'n dolk en 'n spies
en 'n swaard,



maar ék kom
na jou toe in
die Naam van
die Here
die Almagtige.





5.



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 11
## Hersiening Les 7 - 10

1. Blaai saam met die kinders deur les 7 tot 10 se Bybelprente.
- Dit is belangrik dat elke kind deur sy eie Bybel blaai.
- Oefen om al die verhale oor te vertel, deur slegs na die prente te kyk.
- Herinner die kinders dat hulle dit goed moet ken, want hulle gaan elke kwartaal 'n kans kry om die verhale vir die gemeente, in die kerk, te vertel.
- Hulle gaan ook die Bybel-boek-naam-liedjie in die kerk sing tot waar hulle hom ken.

2. Speel weer van les 7 tot 10 se speletjies of herhaal van die aktiwiteite wat die kinders die meeste geniet het.

3. Gaan al die plakkate wat teen die muur op is deur.









# Les 12
## Kinderbybel bladsy 140 tot 145
## Koning Saul is jaloers/ Alleen in 'n grot

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
    - Elke les het twee doele:
        - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
        - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
        - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif 'n paar maal hardop opsê.

3. Oefen om oor die Bybel te dink.
    - Vir die volgende 4 lesse, gaan ons weer die *dink oor die Bybel* redelik intens inoefen. Daarna gaan ons dit weer vir 'n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
    - Vir die volgende 4 lesse is dit belangrik dat elke kind, elke week, 'n prent van 'n kop, soos aan die einde van die les, en 'n potlood ontvang.
    - Vir die volgende 4 lesse gaan hulle elke keer 'n geleentheid kry, waartydens die kinders, hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
    - Dit gaan baie maklik gebeur dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

4. Lees die Bybel
    - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 140 tot 145 oopmaak.
    - Laat hulle soos Bybelkarakters aantrek voor julle die verhaal begin lees/vertel.
    - Aan die einde van die les is 'n prent van 'n kop. Maak vir elkeen 'n afskrif en deel dit aan hulle uit.
    - Gee vir elkeen 'n potlood.
    - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: "Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U hierdie verhaal in die Bybel gesit het."
    - Vertel die verhaal of lees die verhaal (verhale) of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees).
    - Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
    - Hulle gaan ook elkeen 'n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink wat hulle in die brein, van die kop, gaan teken.

5. Vrae:

- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

5.1 Wat het die Israelitiese vroue oor Saul en Dawid gesing? (Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende. Weet hulle wat dit beteken?)

5.2 Waarom wou koning Saul vir Dawid doodmaak? (Hy was jaloers op hom en was bang

dat hy sy koninkryk by hom sou afneem.)
5.3 Wet wie was Dawid baie goeie vriende? (Met Jonatan, Saul se seun.)
5.4 Hoe het Jonatan vir Dawid gehelp? (Dawid moes wegkruip. Jonatan sou gaan pyl en boog skiet en as hy vir die seun, wat sy pyl gaan haal, sê: "Maak gou", sou Dawid weet dat Saul hom wil doodmaak en dat hy moes vlug.)
5.5 Wat het Dawid in die grot gesê, waarom gaan hy nie vir koning Saul doodmaak nie? (Niemand mag die koning wat God gekies het, doodmaak nie.)
5.6 Wat het Dawid in die grot gedoen in plaas daarvan om vir Saul dood te maak? (Hy het 'n stuk van Saul se mantel afgesny.)
5.7 Waarom dik jy het Jesus hierdie verhaal in die Bybel gesit?
(Die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat 'n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om 'n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)


6. Laat hulle nou die verhaal oorvertel.


7. Gee nou vir die kinders kans om 'n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 5.7 geantwoord het, teken.

8. Speletjie: Moet ek gaan of moet ek bly?

- Maak 'n boog van 'n tak an 'n stukkie tou. (Jy kan ook takkies en tou na die klas neem en dat elke kind sy eie bogie maak.)
- Vat 'n reguitrige takkie as 'n pyl.
- Gee die kinders kans om die pyl te skiet.
- Speel 'n speletjie met die boog en pyl.
    - Laat die kinders in 'n ry staan.
    - Jy skiet die pyl en skree 'n bevel.
    - Indien jy skree: "Maak gou!" moet die voorste kind hardloop, die pyl optel, vir jou bring en agter in die ry gaan inval.
    - Indien jy enige ander bevel skree, moet hy slegs agter in die ry inval.
    - Skree bevele wat amper soos die regte bevel klink, soos: "Maak gougou!" "Gou!" "Maak vinnig!" "Gaan haal gou!" …
    - Vra vir die kinders wat die verband tussen die speletjie en die Bybelverhaal is.






**Kleur die prent mooi in.**

# Les 13
## Bl. 146 - 151 Alles is verlore/ Die ark van God kom in Jerusalem aan

1. Hersiening.
   - Wie van hulle kan laas week se Bybelverhale onthou en oorvertel?
   - Laat hulle weer na die bladsye in die kinderbybel blaai indien hulle nie lekker kan onthou nie.

2. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
   - Elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
     - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif 'n paar maal hardop opsê.

3. Oefen om oor die Bybel te dink.
   - Onthou, vir die volgende 2 lesse, gaan ons nog die *dink oor die Bybel* redelik intens inoefen. Daarna gaan ons dit weer vir 'n paar lesse lank bietjie rustiger vat.
   - Vir die volgende 2 lesse is dit belangrik dat elke kind, elke week, 'n prent van 'n kop, soos aan die einde van die les, en 'n potlood ontvang.
   - Vir die volgende 2 lesse gaan hulle elke keer 'n geleentheid kry, waartydens die kinders, hulle verstaan van die week se Bybelverhaal, in die brein-gedeelte van die kop teken.
   - Dit gaan baie maklik gebeur dat hierdie deel van die les afgeskeep word, dit eentonig raak of die kinders gladnie verstaan waaroor dit gaan nie. Ek vra dus mooi dat jy báie moeite hiermee maak. Indien jy dit nie heeltemal verstaan nie of daarmee sukkel, moet jy my, Wouter, asseblief daaroor kom uitvra.

4. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 146 tot 151 oopmaak.
   - Laat hulle soos Bybelkarakters aantrek voor julle die verhaal begin lees/vertel.
   - Aan die einde van die les is 'n prent van 'n kop. Maak vir elkeen 'n afskrif en deel dit aan hulle uit.
   - Gee vir elkeen 'n potlood.
   - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: "Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U hierdie verhaal in die Bybel gesit het."
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal (verhale) of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees).
   - Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
   - Hulle gaan ook elkeen 'n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink wat hulle in die brein, van die kop, gaan teken.

5. Vrae:
- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

5.1 Wat het met Saul en sy drie seuns gebeur? (Hulle het almal in die oorlog

doodgegeaan.)

5.2 Wat het met Dawid gebeur nadat Saul en sy seuns dood is? (Hy het koning geword.)

5.3 Wat het Dawid na Jerusalem toe geneem? (Die ark. Weet hulle wat die ark is?)

5.4 Waarom dink jy het Jesus hierdie verhaal in die Bybel gesit?

(Die vraag is waarskynlik te ingewikkeld vir hulle, maar daar mag dalk een of twee wees wat ‘n antwoord gee. Moenie te veel inmeng met hulle antwoorde nie, selfs al klink dit vir jou redelik ver van die regte antwoord af. Dit gaan nie regtig oor die antwoord nie, maar eerder oor hulle bereidwilligheid om te waag om ‘n opinie te gee. Prys dus so ver moontlik alle antwoorde. Onthou, die doel is om hulle te leer om oor die Bybel te dink!)

6. Laat hulle nou die verhaal/verhale oorvertel.

7. ‘n Gediggie:

- Verduidelik aan die kinders dat Dawid ‘n baie mooi verhouding met God gehad het.
- Hy was so lief vir God, dat hy daarvan gehou het om vir God gediggies te skryf.
- Nadat hy vir koning Saul in die grot gaan wegkruip het, het hy ook ‘n gediggie vir God geskryf. Hierdie gediggie is in die Bybel. Dit is Psalm 57.
- Jy kan vir die kinders ‘n stukkie van die Psalm lees. Hier onder is ‘n vereenvoudigde stukkie van vers 2 tot 4.
- Dalk is daar van hulle wat vir Jesus ‘n gediggie, in die kop, wil skryf in plaas van ‘n prentjie teken.

Gee asseblief vir my genade, o God!
Gee my genade, want ek wil by U wegkruip
Onder U vlerke wil ek wegkruip tot dat die gevaar weg is
Ek roep na God wat my sal help
Hy sal my antwoord en my red
Hy sal die wat my jaag, laat verloor
God sal my anwoord omdat Hy lief is vir my

8. Gee nou vir die kinders kans om ‘n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.


- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 5.4 geantwoord het, teken.

9.1 Speletjie: Aktiwiteit: Bou ‘n ark



- Laat die kinders ‘n ark maak.
  - Julle kan ook moses se staf, die tien gebooie en ‘n pot manna maak en in die ark sit.

9.2 Speletjie: Dans voor die ark
- Dawid het voor die ark van God gedans. Die ark was verteenwoordigend van God. Waarom dink hulle het Dawid so vrolik voor die ark gedans? (Waarskynlik omdat hy so bly was dat God se ark nou in sy dorp gaan bly; Dalk ook omdat hy nou uiteindelik koning was en nie meer vir Saul hoef te vlug nie; Dalk omdat, wat die profeet Samuel gesê het, toe hy nog klein was en skape opgepas het, nou uiteindelik gebeur het.)
- Kyk of daar van die kinders is wat wil wys hoe hulle dink, Dawid voor die ark gedans het.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 14

## Bl. 152 - 153 Dawid word ‘n moordenaar/ Die hartseer koning

1. Hersiening.
   - Wie van hulle kan laas week se Bybelverhale onthou en oorvertel?
   - Laat hulle weer na die bladsye in die kinderbybel blaai indien hulle nie lekker kan onthou nie.

2. Kan die kinders nog onthou wat ons hierdie jaar doen?
   - Elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.
     - Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink en laat hulle die opskrif ‘n paar maal hardop opsê.

3. Oefen om oor die Bybel te dink.
   - Hierdie is vir eers die laaste les waar ons fokus om *te dink oor die Bybel* redelik intens in te oefen. Hierna gaan ons dit weer vir ‘n paar lesse lank bietjie rustiger vat.

4. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 152 tot 153 oopmaak.
   - Laat hulle soos Bybelkarakters aantrek voor julle die verhaal begin lees/vertel.
   - Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n kop. Maak vir elkeen ‘n afskrif en deel dit aan hulle uit.
   - Gee vir elkeen ‘n potlood.
   - Bid die volgende gebed voor julle met die verhaal begin: “Here, help ons asseblief om te verstaan waarom U hierdie verhaal in die Bybel gesit het.”
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal (verhale) of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees).
   - Sê vir die kinders dat jy vir hulle na die tyd gaan vragies vra om te kyk of hulle mooi geluister het.
   - Hulle gaan ook elkeen ‘n prentjie of prentjies op die prent van die kop teken. Dit moet iets van die Bybelverhaal wees. Terwyl julle die verhaal lees, kan hulle solank dink wat hulle in die brein, van die kop, gaan teken.

5. Vrae:
- Vra vir die kinders die volgende vrae om te kyk of hulle mooi geluister het.

5.1 Dawid het God baie …(lief)… gehad.
5.2 Eendag het Dawid besluit om skelm te wees en het ‘n ander man se …(vrou)… vir hom gevat.
5.3 Wat was die vrou se naam? (Batseba)
5.4 Waarom het Dawid vir Urija gestuur waar daar meeste geveg word? (Hy het gehoop hy gaan in die geveg dood. Wat Dawid gedoen het, was dieselfde as moord.)
5.5 Wat was die profeet se naam, vir wie God na Dawid toe gestuur het? (Natan)
5.6 Wat het met Dawid en Batseba se eerste babaseuntjie gebeur? (Hy is dood.)
5.7 Wat was Dawid en Batseba se tweede seuntjie se naam? (Salomo)
5.8 Wat het met hierdie seun gebeur? (Hy het die slimste (wysste) man wat ooit geleef het. Daar is dalk ook van die kinders wat weet dat hy die volgende koning van Israel

geword het.)

5.9 Waarom het God hierdie verhaal in die Bybel gesit? (Dalk kan jy byvoeg dat die verhaal vir ons wys dat Dawid jammer was oor wat hy gedoen het, dat God hom vergewe het en dat God hulle seun geseën het om ‘n baie slim man te raak en ook eendag die nuwe koning van Israel, in Dawid se plek, te raak.)

6. Laat hulle nou die verhaal vir mekaar oorvertel.

7. Vasleggingsopsies

7.1 Opsie 1 Speletjie: Veg dapper!

- Laat die kinders, langsmekaar, met hulle rûe na teen ‘n muur staan.
- Elke keer as jy sê: “Val aan!” moet hulle een tree vorentoe gee.
- As jy sê: “Val terug!” moet almal terug hardloop na die muur. Die een wat laast aan die muur raak, is uit.
- Speel dit tot net een persoon oor is.
- Vra vir die kinders wat die speletjie met die les te doen het.

7.2 Opsie 2 Aktiwiteit: Help Baba-Salomo om slim te raak.


- Help Baba-Salomo om slim te raak deur ‘n pad, met ‘n potlood, deur die doolhof te vind, sodat hy by al die plekke uitkom wat hom kan help om slim te raak.
- Aan die einde van die les is ‘n doolhof. Rol vir elke kind een af.

8. Gee nou vir die kinders kans om ‘n prentjie of prentjies uit die Bybelverhaal in die brein van die prent van die kop te teken.

- Dit kan enige gedeelte uit die verhaal wees, maar moedig hulle aan om een of ander interpretasie te teken. Dalk kan hulle hulle antwoord, wat hulle by vraag 5.9 geantwoord het, teken.





**Baba Salomo**





**Koning Salomo**



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 15

## Bl. 154 - 161 Die jong koning/ Die besoek van die koningin van Skeba

1. Wat is wysheid?

- Vra vir die kinders of hulle weet wat die woord wysheid beteken.
- Jy kan vir hulle die volgende definisie leer: Om altyd te weet wat die regte ding is om te doen.
- Bespreek die volgende vrae om hulle te help om die konsep te verstaan:
  - Elke vraag het ‘n paar moontlike antwoorde. Bespreek watter die beste optrede sal wees. Dalk het die kinders ook ander antwoorde.

Vrae:

1.1 As iemand vir jou lelike goed sê, het jy wysheid as jy:

- Die maatjie in die maag boks.
- Nie lelike goed terug sê nie.

1.2 Een van jou maatjies vertel vir jou dat daar iemand is wat haar/hom gereeld seermaak. Jy het wysheid as jy:

- Vir hom of haar sê om vir die persoon te sê om op te hou.
- Luister wat sy/hy sê en help haar/hom om dit vir juffrou of iemand anders, wat kan help, te vertel.

1.3 Dit is Maandag. Jy het huiswerk vir Vrydag gekry. Jy is wys as jy:

- Die huiswerk vir Donderdag los.
- Al die huiswerk vandag (op die Maandag) klaarmaak.
- Elke dag ‘n bietjie doen.

1.4 Jy gaan die volgende dag toets skryf. Jou bank is reg langs juffrou se tafel en jy weet daar lê altyd ‘n bladsy op haar lessenaar met die antwoorde op. Jy is wys as jy:

- Nie vir die toets leer nie, want jy weet jy gaan die antwoorde van juffrou se tafel af kan lees.
- Vir die toets leer. (Die kinders wat hierdie opsie kies moet verduidelik waarom dit, volgens hulle, ‘n beter keuse is.)

2. Speletjie: Wat kies jy?

- Aan die einde van die lys is ‘n klomp kaartjies.
- Print genoeg uit dat daar min of meer 3, van elke soort, vir elke kind is.
- Knip hulle uit.
- Met die graad 1 en 2’s sal dit dalk goed wees om eers saam met hulle na al die kaartjies te kyk en seker te maak hulle verstaan wat elkeen beteken.
- Plaas die kaartjies op ‘n hopie, met hulle gesigkante na onder, sodat ‘n mens nie kan sien wat op hulle is nie.
- Sit in ‘n kring om die kaartjies en gee vir elke kind ‘n beurt om een kaartjie op te tel.
- As die kind van die kaartjie hou, mag hy hom hou en indien hy nie van die kaartjie hou nie, moet hy hom aan die onderkant van die pakkie kaartjies terug sit.
- Speel ‘n paar rondtes en laat die kinders dan vir mekaar wys watter kaartjies hulle gehou het.
- Gee elkeen ‘n beurt om te verduidelik waarom hulle die spesifieke kaartjies gehou het.

3. Teksversvaslegging:
- Laat die kinders die volgende teksvers leer.
- Bid dan saam en vra vir die Here vir wysheid.

Jak. 1: 5 Vra vir God as jy wysheid nodig het. Hy sal dit vir jou gee.

4. Laat die kinders almal hulle Bybels op bl. 154 oopmaak. Lees/vertel bl. 154 - 161 saam.

5. Laat die kinders die verhaal oorvertel.



Ek wil graag 'n koning wees.



Ek wil graag 'n koningin wees.



Ek wil graag baie geld hê.




Ek wil graag baie speelgoed hê.



Ek wil graag baie speelgoed hê.




Ek wil graag baie sterk wees.



Ek wil graag mooi wees.



Ek wil graag mense liefhê



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 16
## Bl. 162 - 165 Die kompetisie/ Vuur en reën

1. Laat die kinders hulle Bybels by bl. 162 oopmaak. Lees/vertel saam bl. 162 - 165.

2. Vasleggingsgeleenthede: (Kies 'n paar wat die beste by jou klas sal werk.)

2.1 Speletjie: Wat meeste mense doen, is nie altyd die regte ding nie.
- Laat die kinders in 'n kring staan.
- Vra vir die kinders om 'n paar verkeerde of stout goed op te noem wat 'n mens sal doen as mense jou druk om dit te doen.
  - Saam eetgoed uit 'n maatjie se kosblik te steel.
  - Vir 'n maatjie lag (uitlag) as die ander ook lag.
  - Saam spot as 'n ander maatjie gespot word.
  - …
- Elkeen wat iets sê, moet omdraai en weg kyk van die sirkel af (hulle rûe is dus na die middel van die sirkel gekeer).
- Help almal met voorbeelde sodat almal op die ou end omgedraai is.
- Kies nou een kind om Elia te wees en in die middel van die sirkel te staan. Noem hom of haar Elia. Sê iets soos: "Kom Elia! Kom staan hier in die middel."
- Staan saam met Elia in die middel.
- Verduidelik aan die kinders dat ons vandag gaan oefen om nie saam met al die ander mense die verkeerde keuses te maak nie. Al is ons die enigste persoon, soos Elia, wat die regte keuse maak.
- Die kinders in die sirkel moet hulle oë toemaak en sing: "Wees soos ons, wees soos ons, wees soos ons…"
- Laat Elia sing: "Nee, ek sal nie, nee, ek sal nie, nee, ek sal nie…"
- Fluister in Elia se oor dat hy tussen die kinders moet probeer deur sluip.
- Vra vir Elia hoe dit gevoel het om die enigste een in die middel te wees.
- Laat die kinders beurte maak om Elia te wees.
- Kyk of die kinders, in hulle eie woorde, kan verduidelik wat die les van die speletjie is.

2.2 Maak 'n musiekinstrumenet wat reëngeluide maak:
- Neem twee velle A4 papier.
- Rol die een op sodat dit 'n silinder (buis) vorm met 'n deursnit van min of meer 3cm.
- Plak dit met kleeflint sodat dit nie weer ooprol nie.
- Rol nou die ander vel papier bo-oor die eerste een en pla hom ook met kleeflint sodat die silinder stewig kan wees.
- Buig die een ent toe. Min of meer 1cm breed en kram dit toe.
- Knip 'n strook koerantpapier (die gladde papier waarop die advertensies gedruk word werk beter) van ongeveer 30cm lank en 10cm breed.
- Draai (wen dit op) die koerantpapier sodat dit 'n lang "tou" vorm.
- Draai nou die touvormige koerantpapier om 'n koki en trek dan die koki uit sodat jy 'n koerantpapier veer ("spring") het.
- Druk die koerantpapier-veer, versigtig, in die papiersilinder.
- Maak nog een sodat die volle lengte van die silinder min of meer gevul is.
- Hoe stywer jy die vere draai, hoe beter werk dit.
- Gooi nou 'n half koppie rys in.
- Kram die ander kant toe.
- Laat die kinders hulle oë toemaak en hulle silinder heen en weer draai en na die reën-

geluide luister.

2.3 Vuurpak-resies

- Benodigdhede: ‘n Houtstompie vir elke kind of koerantpapier wat in selindervorms gerol is sodat dit soos houtstompies lyk.
- Verdeel in twee of drie spanne.
- Laat die spanne in rye langsmekaar staan.
- Elke kind het ‘n houtstompie in die hand.
- Tree ‘n lyn, twee of drie meter voor die kinders af.
- Laat die voorste kinders gelyk wegspring.
- Hulle hardloop to anderkant die lyn, sit die stompie op die grond, hardloop terug en val agter hulle ry in.
- Sodra hy/sy terug is by sy span, mag die volgende kind hardloop.
- Hulle moet ‘n vuur pak soos die prent hier onder.
- Die span wat eerste hulle vuur klaar gepak het, wen.
- Indien jy nie so baie stompies het nie, kan jy die spanne laat beurte maak en net elke keer die span se tyd neem.



2.4 Woordsoek

- Aan die einde van die les is ‘n blad met letters waarop die kinders woorde, dwars en af kan soek en omkring.
- Maak ‘n afskrif vir elke kind.
- Elke kind moet ook ‘n potloot of kryt hê waarmee hulle die woorde moet omkring.

2.5 Pak ‘n vuur.

- Benodigdhede Fynhoutjies of takkies<br>Houtstompies<br>Koerantpapier
- Verdeel die kinders twee-twee of drie-drie in spanne
- Elke span kry koerantpapier, fyn takkies en houtstompies.
- Laat hulle dan, in spanverband, ‘n vuur pak.

2.6 Maak ‘n vuurtjie.

- Benodigdhede: 2 oondpanne (of iets soortgelyks).<br>Fyn stokkies<br>6 koerantpapierballetjiestjies<br>Bottel water<br>Vuurhoutjies
- Gaan eerder buitentoe vir hierdie aktiwiteit.
- Plaas 3 koerantpapierballetjies in elke oondpan.
- Plaas ‘n paar fyn takkies in elke pan.
- Gooi die bottel water oor een van die oondpanne se inhoud.
- Probeer om albei aan die brand te steek. (Dalk kan die kinders dit self probeer doen.)

## Woordsoek

**Omkring die woorde:**

| **Dwars** | **Af** |
|---|---|
| ELIA | ISEBEL |
| BAÄL | WONDERWERK |
| VUUR | BUL |
| ALTAAR | WATER |
| WOLK | HOUT |


| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | L | I | A | B | C | D | E | F | G | W |
| A | B | S | C | D | B | E | F | G | H | O |
| I | J | E | K | L | U | M | H | N | O | N |
| P | Q | B | A | Ä | L | R | U | S | T | D |
| U | V | E | W | X | Y | Z | O | A | B | E |
| W | O | L | K | Z | A | L | T | A | A | R |
| A | C | D | E | F | G | H | I | J | K | W |
| T | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | E |
| E | U | V | W | X | Y | Z | V | U | U | R |
| R | A | B | C | D | E | F | G | H | I | K |


## Woordsoek

**Omkring die woorde:**

| **Dwars** | **Af** |
|---|---|
| ELIA | ISEBEL |
| BAÄL | WONDERWERK |
| VUUR | BUL |
| ALTAAR | WATER |
| WOLK | HOUT |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | L | I | A | B | C | D | E | F | G | W |
| A | B | S | C | D | B | E | F | G | H | O |
| I | J | E | K | L | U | M | H | N | O | N |
| P | Q | B | A | Ä | L | R | U | S | T | D |
| U | V | E | W | X | Y | Z | O | A | B | E |
| W | O | L | K | Z | A | L | T | A | A | R |
| A | C | D | E | F | G | H | I | J | K | W |
| T | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | E |
| E | U | V | W | X | Y | Z | V | U | U | R |
| R | A | B | C | D | E | F | G | H | I | K |




**Kleur die prent mooi in.**

## Les 17

### Bl. 166 - 169 Die vurige strydwa/ 'n Snaakse manier om oor 'n rivier te kom

1. Aktiwiteit: Gee dit aan.

- Aan die einde van die les is 'n blad met sinne op.
- Maak 'n afskrif en rol dit op.
- Vra vir die kinders die volgende vrae:
  - Wat van Mamma hou hulle die meeste? (Haar drukkies, haar kos, haar skoene…)
  - Wat van Pappa hou hulle die meeste? (Sy growwe baard, sy grappe, as hy met my speel…)
  - Wat van Mamma hou jy die minste? (As sy met my raas, haar kos…)
  - Wat van Pappa hou jy die minste? (Sy harde stem, sy kos…)
  - As jy eendag jou eie kinders het, wat sal jy vir jou kinders wil doen wat Mamma en Pappa ook vir jou doen?
  - As jy eendag jou eie kinders het, wat sal jy nie wil doen of anders wil doen as wat Mamma of Pappa doen?
- Plaas die kinders nou in 'n rangorde. Die eerste kind is byvoorbeeld die agter-agter-agter-oupagrootjie (oumagrootjie), die tweede die agter-agter-oupagrootjie, derde die agter-oupagrootjie, vierde die oupagrootjie, dan die oupa, dan die pa en dan die kind. Maak dit pret.
- Neem nou die opgerolde papier en lees vir die kinders die eerste sin op die papier: *Dit is nou jou beurt om die mamma/pappa te wees*.
- Gee nou vir die "oudste" die opgerolde papier. Hy/sy gee dit vir die volgende een terwyl hy/sy sê: "Dit is nou jou beurt om Mamma/Pappa te wees." (Die wat kan lees kan dit van die papier af lees.)
- Laat hulle so aanhou tot dat hulle by die "kind" eindig.
- Lees nou die tweede sin op die papier, hardop vir die kinders: *Dit is nou jou beurt om jou kinders te leer om Jesus hulle vriend te maak.*
- Herhaal nou die proses waar die "oudste" die gerolde papier aan die volgende oordra terwyl hulle elke keer die woorde herhaal: "Dit is nou jou beurt om jou kinders van Jesus te leer." (Die wat kan lees kan dit van die papier af lees.)
- Lees nou die laaste sin op die papier, hardop vir die kinders: *Dit is nou jou beurt om vir almal op aarde te leer om Jesus hulle vriend te maak.*
- Herhaal nou die proses waar die "oudste" die gerolde papier aan die volgende oordra terwyl hulle elke keer die woorde herhaal: "Dit is nou jou beurt om vir almal op aarde te leer om Jesus hulle vriend te maak." (Die wat kan lees kan dit van die papier af lees.)

2. Lees nou saam bl. 166 - 169 in die Kinderbybel.

- Laat die kinders ALMAL hulle kindersbybels op bl. 166 oopmaak. Indien daar kinders is wat hulle Bybels vergeet, maak seker jy het ekstra kinderbyebels vir daardie kinders. Onthou dat die blootstelling aan die Bybel die belangrikste deel van die Bybelskool is. Die kinders MOET DIE BYBEL, ELKE WEEK, FISIES HANTEER.
- Verduidelik aan die kinders, VOOR JULLE LEES, dat jy hulle na die tyd gaan vra wat die aktiwiteit met die Bybelverhaal te doen het.
- Lees/vertel nou saam die Bybelverhaal.
- Vra nou vir die kinders wat die verhaal met die vorige aktiwiteit te doen het. (Onthou om nooit vir 'n kind te sê hulle antwoord is verkeerd nie. Ons wil juis hê hulle vrymoedigheid om te deel moet toeneem. Jy kan hulle help om by die volgende uit te kom: Elia het sy werk wat hy vir God op aarde gedoen het, aan Elisa oorgegee. Mamma en Pappa gee hulle werk, wat hulle vir God doen, oor aan ons.)

3. Teksversvaslegging

- Lees Luk. 1: 17, vir die kinders, uit die regte Bybel.

En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei."

- Bespreek die teksvers stukkie vir stukkie met die kinders:
- *En hy sal voor die Here uitgaan*: Verduidelik aan die kinders dat die Bybel hier van Johannes die doper praat. Hy lewe ongeveer 1000 jaar na Elia en Elisa. Johannes moes vir die mense sê dat Jesus oppad is en dat Jesus hulle gaan help om op te hou sonde doen.
- *in dieselfde gees en krag as Elia*: God se Gees sal net so sterk wees in Johannes as wat dit in Elia was.
- *om vaders en kinders met mekaar te versoen*: Hy sal help dat ouers en kinders nie met mekaar baklei nie.
- *om ongehoorsames op die regte pad terug te bring*: Om mense wat mekaar seermaak te help om op te hou.
- *om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei*: Om vir Jesus al Sy vriende gereed te kry.
- Ek vereenvoudig die vers en die boodskap van die Bybelverhaal soos volg:

Luk. 1:17 Elia, Elisa, Johannes en ek, moet met God se hulp, die mense wat mekaar seermaak, help om op te hou. Ons moet, net soos Elia, Elisa en Johannes, Jesus se vriende gereed kry vir wanneer Hy terug kom.

- Laat die kinders dit uit hulle koppe leer met behulp van die volgende opvoerinkie:
  - Verdeel hulle in twee groepe. Daar moet 'n spasie tussen die twee groepe wees.
  - Almal begin deur, hardop, te sê: *Ëlia, Elisa, Johannes en ek.* Laat hulle met hulle vingers na hulself wys wanneer hulle die woord *ek* sê.
  - Terwyl hulle sê, *moet met God se hulp*, hou hulle hulle hande gestrek langs hulle koppe sodat hulle vingers soos die punte van 'n kroon lyk. Verduidelik aan hulle dat God ons koning is en daar verwys ons na God deur 'n kroonteken met ons hande te maak.
  - Terwyl hulle sê, *die mense wat mekaar seermaak*, moet die een groep maak of hulle baklei.
  - Terwyl hulle sê: *help om op te hou*, moet die ander groep hulle uit mekaar haal.
  - Terwyl hulle sê, *Ons moet, net soos Elia, Elisa en Johannes* moet hulle stil staan.
  - Terwyl hulle sê, *Jesus se vriende gereed kry vir wanneer Hy terug kom*, haak die kinders twee-twee by mekaar in en dans saam in die rondte.
- Laat die kinders dit 'n paar maal oefen. Maak seker hulle doen nie net die gebare nie, maar spreek ook die woorde mooi uit.
- Laat hulle elke deel, saam met die gesproke woorde, doen, met 'n oomblik se ruspose voor hulle met die volgende deel voortgaan. Dit sal help dat hulle dit mooi gelyk doen.

**Dit is nou jou beurt om die mamma/pappa te wees.**

**Dit is nou jou beurt om jou kinders te leer om Jesus hulle vriend te maak.**

**Dit is nou jou beurt om vir almal op aarde te leer om Jesus hulle vriend te maak.**



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 18

## Bl. 170 - 171 Die bodemlose oliekruik

1. Laat die kinders hulle kinderbybels by bl. 170 oopmaak.
- Lees saam met hulle bl. 170 & 171.
- Vra vir die kinders om die verhaal vir jou oor te vertel.

2. Verskillende lesse
- Verduidelik aan die kinders dat Jesus (God se Gees vir die wat al kan verstaan) ons help om die Bybel te verstaan.
- Elke verhaal in die Bybel is met ‘n rede in die Bybel.
- Baie verhale kan vir ons meer as een ding sê of leer.
- Ons gaan na die lewe van Ilisa kyk om te sien hoe God vir ons verkillende dinge sê en leer uit een persoon se lewe.


2.1 God help ons en wil óns gebruik om ánder te help.
- Aan die einde van die les is ‘n papier met verskillende prentjies. Elke prentjie verteenwoordig iets slegs wat soms met ons kan gebeur.
  - ‘n Prentjie van ‘n kind wat huil oor sy troeteldier wat dood is.
  - ‘n Prentjie van ‘n maatjie wat jy verloor het.
  - Iemand wat siek is.
  - Kinders wat lelik is met jou.
  - As jy sukkel met jou skoolwerk.
- Knip die prentjies uit en gooi dit in ‘n sak.
- As daar ‘n prentjie vir elke kind is, kan elke kind ‘n beurt bry om ‘n prentjie uit die sak te kom haal. Anders moet jy die kinders in 5 groepe verdeel en vir elke groep ‘n beurt gee om ‘n prentjie uit die sakte haal.
- Wanneer elke kind/groep ‘n prentjie het, moet jy seker maak dat hulle verstaan wat die prentjie beteken.
- Vra nou vir elke kind hoe hulle dink dit sal voel as so iets met hulle gebeur.
- As jy groepe het, kan jy hulle dit eers met mekaar laat bespreek. Een kind van elke groep kan dan sê wat die groep gesê het.
- Daar gebeur soms slegte dinge met ons, soos met die tannie en haar twee seuns in die Bybelverhaal.
- Ons moet ons hulp by die Here soek.
- God gebruik gewoonlik ander mense om ons te help.

2.2 God roep jou.
- Vertel ‘n bietjie meer oor Ilisa
  - Toe Elia vir Ilisa gaan roep het om hom as profeet op te volg, was hy besig om sy land om te ploeg.
  - Hy het die land met 24 osse omgepleog. Dis baie osse. Gewoonlik het mense nie so baie osse nie. Hy was dus heelwaarskynlik ‘n redelike ryk man.
  - Hy het alles net so gelos, vir sy ouers totsiens gesê en vir Elia gevolg.
- Verduidelik aan die kinders dat julle nou ‘n speletjie gaan speel. Die naam van die speletjie is: God roep …
- Aan die einde van die les is prentjies van die volgende Bybelkarakters.
- Knip dit uit en plak dit teen die muur.
- Roep dan uit:
  - God roep Sy dissipels.
  - God roep vir Saggeus.
  - God roep Jona.

    - God roep vir Gideon.
    - God roep vir Maria en Josef.
- Die kinders moet aan die prentjie, wie hulle dink dit is, gaan raak.
- Roep laastens, God roep jou.
- Verduidelik aan die kinders dat die verhaal van Elisa, ons herinner dat God ons roep om Hom te help. Die Bybel is vol van verhale waarin hy mense roep om hom te help. (Jy kan dalk bietjie na die Bybelkarakters op die prentjies verwys en 'n bietjie oor hulle gesels.)
- Kan die kinders nog onthou wat ons in die vorige aktiwiteit geleer het, waarvoor God ons wil gebruik? Hy wil ons gebruik om ander mense te help.

2.3 Ons volg ander en ander volg ons.
- Laat die kinders in 'n kring staan.
- Laat hulle almal in dieselfde rigting kyk.
- Laat hulle hulle hande op die kind voor hulle se skouers sit.
- Laat hulle nou in 'n sirkel stap.
- Verduidelik aan die kinders dat jy die persoon voor jou gevolg het, maar dat die persoon agter jou, jou gevolg het.
- Jy het dus iemand gevolg, maar iemand het weer vir jou gevolg.
- Vra vir die kinders om voorbeelde te gee, wie hulle volg: Pa, Ma, Oupa, Ouma, Onderwyser, Afrigter… Verduidelik wat ons met volg bedoel. Ons leer hulle goeie en hulle slegte eienskappe aan. Jy kan 'n bietjie uitbrei en voorbeelde gee.
- Vra vir die kinders om voorbeelde te gee van wie opkyk na húlle en húlle volg: Jonger boeties en sussies (nefies en niggies), maatjies, maatjies se jonger boeties en sussies…

3. Opsomming: God help ons, maar Hy roep ons om ook ander te help. Ons leer by ander hoe om God te volg, maar ander leer weer by óns hoe om God te volg.



Ek sukkel met my skoolwerk.



As ek siek is.



Kinders wat lelik is met jou.



As jy ‘n maatjie verloor.




My troeteldier is dood.








©pdf



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 19
## Hersiening

1. Ons het die afgelope paar weke die volgende lesse behandel.
- Bl. 140 - 145 Koning Soal is jaloers/ Alleen in ‘n grot.
- Bl. 146 - 151 Alles is verlore/ Die ark van God kom in Jerusalem aan.
- Bl. 152 - 153 Dawid word ‘n moordenaar/ Die hartseer koning.
- Bl. 154 - 161 Die jong koning/ Die besoek van die koningin van Skeba.
- Bl. 162 - 165 Die kompetisie/ Vuur en reën.
- Bl. 166 - 169 Die vurige strydwa/ ‘n Snaakse manier om oor ‘n rivier te kom.
- Bl. 170 - 171 Die bodemlose oliekruik.

2. Laat al die kinders, in hulle eie Bybels, saam, die lesse deur blaai.
- Kyk of hulle nog die verhale kan oorvertel.

3. Speel van die speletjies wat die kinders baie geniet het.

Les11









Les 14

Les 15





Les 16



## Les 20

### Bl. 172 - 175 Die wegloper van God/ Die groot vis

1. Laat almal hulle Bybels op bl. 172 oopmaak.
   - Lees/vertel die verhaal tot by bl. 175.
   - Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n vis en Jona. Jy kan die verhaal meer opwindend maak deur die vis en Jona uit te sny en dan ‘n sirkel in die maag gedeelte van die vis uit te sny.
   - Wanneer jy by die gedeelte kom, waar die vis vir Jona insluk, plaas jy die prentjie van Jona in die sirkel wat jy uit die vis gesny het.
   - Maak ook ‘n spuit of bekertjie vol water.
   - Wanneer jy by die gedeelte kom waar die vis vir Jona uitspoeg, spuit die kinders of gooi hulle dan nat met die water.

2. Beertjie kruip weg
   - Neem ‘n teddiebeer saam klas toe.
   - Verduidelik aan die kinders dat julle teddiebeerwegkruipertjie gaan speel.
   - Elke kind kry ‘n kans om die beertjie te laat wegkruip en dan moet die ander hom soek.
   - Bespreek dan die speletjie en Bybelverhaal met behulp van die volgende vrae:
     - Waarom het Jona op die skip geklim? (Hy het van God af probeer wegkom.)
     - Dink julle dit is moontlik om vir God weg te kruip? (Nee, God is ooral.)
     - Op watter manier het die ander mense op die skip swaargekry omdat Jona ongehoorsaam was? (Omdat Jona ongehoorsaam was aan God en probeer weghardloop het, het die storm opgekom en was almal se lewens in gevaar.)
     - Wat het die kaptein van die skip vir Jona gevra? (Hoe kan hy slaap terwyl daar ‘n storm is? Hy moet bid.)
     - Wat het Jona gesê, wat kan hulle doen om die storm te laat bedaar? (Hulle moey hom oorboort gooi.)
     - Noem twee dinge wat gebeur het toe hulle vir Jona oorboort gooi. (Die storm het opgehou en ‘n groot vis het vir Jona ingesluk.)
     - Hoeveel dae was Jona in die vis? (Drie.)
     - Wat het vir 3 dae lank ook met Jesus gebeur? (Hy was vir 3 dae in die graf voor Hy uit die dood uit opgestaan het.)

3. Die gevolge van ons dade.
   - Laat die kinders in ‘n ry staan.
   - Laat die eerste kind agteroor val sodat die hele ry begin omval.
   - Maak beurte wie voor mag staan.
   - Help die kinders om ‘n paar voorbeelde uit te dink van hoe mense se verkeerde keuses of optrede ander beïnvloed.
     - Jok veroorsaak dat ander nie jou vertrou nie.
     - As jy lelike goed oor ander sê maak dit hulle seer.
     - As jy indruk wanneer julle in ‘n ry moet staan kan jy ‘n ander kind omstamp of fisies seermaak.
     - …
   - Is daar van die kinders wat verstaan wat die speletjie met Jona se verhaal te doen het? (Ander mense kry seer as ons ongehoorsaam is aan God. Net soos die res van die kinders omval as die voorste kind omval, kry ander seer as ons iets verkeerd doen. Die mense op die skip en ook in Nineve het swaargekry omdat Jona ongehoorsaam was aan God.

4. Kyk wie van die kinders die verhaal kan oorvertel.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 21
## Bl. 176&178 Jona is gehoorsaam/God is goed


1. Hersiening
   - Kyk watter van die kinders nog laas week se les kan onthou.
   - Verduidelik dat ons hierdie week met Jona se verhaal gaan voortgaan.

2. Laat almal hulle Bybels by bl. 176 oopmaak.
   - Lees/vertel die verhaal op bl. 176&178.
   - Vra vir die kinders die volgende vrae:
     - Wat het Jona vir die mense van Nineve gesê? (Oor 40 dae sal Nineve verwoes word.)
     - Wat het die mense gedoen toe hulle dit hoor? (Hulle was geskok, hulle het na Jona geluister, hulle het God geglo, hulle het eenvoudige klere aangetrek, hulle het opgehou om te eet, hulle het gebid.
     - Wat het God gedoen toe Hy sien die mense is jammer oor hulle slegte dade? (God het hulle vergewe.)
     - Wat het Jona gedoen toe God hulle vergewe? (Hy was ongelukkig/kwaad.)
     - Wat het God gedoen toe Jona in die son sit? (Hy het ‘n plant laat groei om vir Jona skaduwee te gee.)
     - Dink julle Jona het God se skaduwee teen die son verdien?
     - Wat het met die plant gebeur? (‘n Wurm het aan die plant gevreet en dit het verdroog.)

3. Speletjie: Die wurm gaan jou eet.
   - Kies een kind om die wurm te wees.
   - Die ander kinders is bome.
   - Die wurm word geblinddoek en kruip op die grond rond.
   - Die bome kies elkeen ‘n plekkie om te staan. Hulle voete moet op een plek bly. Hulle mag dit gladnie beweeg nie.
   - Wanneer die wurm aan een van die bome raak (eet), is daardie kind uit. Kyk watter “boom” laaste oorbly.
   - Gee die ander kinders ook kans om wurms te wees.

4. Goeie dinge vir slegte mense.
   - Knip ‘n paar papiertjies (so 3 of meer vir elke kind) en skryf een van die volgende sinne op elke stukkie papier:
     - Skop een van jou maats.
     - Gee een van jou maats ‘n drukkie.
     - Skud een van jou maats se hand.
     - Klap een van jou maats.
     - Sê vir een van jou maats hy is ‘n goeie vriend.
     - High-five een van jou maats.
   - Gooi al die sinne in ‘n houer en gee een kind op ‘n slag ‘n kans om een van die sinne uit te haal en te doen wat die sin sê. Help die kinders wat nog nie kan lees nie. Verdidelik aan die kinders dat van die opdragte lelike goed is wat hulle aan een van hulle maats moet doen. Hulle moet dit asseblief net saggies doen en nie mekaar regtig seermaak nie.
   - Wanneer een van die kinders een van die lelike goed doen, soos om ‘n maatjie te skop of te klap, gee hom/haar dan ‘n lekkertjie sonder om iets te sê. Die kinders gaan waarskynlik na ‘n rukkie agterkom dat die kinders wat lelike goed doen, lekkertjies kry.
   - Bespreek dan die volgende vrae met hulle:

    - Hoe het dit gevoel toe jy agterkom dat die “slegte” kinders (die kinders wat die ander kinders seermaak) lekkertjies kry?
    - Dink jy dit is regverdig?
    - Dink jy slegte mense mag nie liefde kry nie?
    - Dink jy dat dit dalk is hoe Jona gevoel het, dat die slegte mense van Nineve nie God se liefde mag kry nie?
    - Verstaan jy nou waarom Jona weggehardloop het? Hy wou nie God se liefde met die mense van Nineve gaan deel nie, want hy wou hê God moet hulle straf.
    - Is daar maats by die skool of ander mense, vir wie jy graag wil hê, God moet straf?
    - God kan almal help om beter mense te word, selfs vir die mense van wie jy nie hou nie. Moenie soos Jona wees en God se liefde van seker mense af weg hou nie.
- Help die kinders om ‘n paar idees uit te dink hoe hulle God se liefde kan wys vir maats of mense van wie hulle nie hou nie. Byvoorbeeld:
    - Maak seker jy groet hulle altyd ordentlik as jy hulle sien al groet hulle nie terug nie, al bly hulle lelik met jou. Al moet jy dit vir weke lank doen.
    - …




**Kleur die prent mooi in.**

# Les 22
## Bl. 178 - 179 Jeremia bly agter

1. Wat is ‘n slaaf?
   - Vra vir die kinders of hulle weet wat ‘n slaaf is. Bespreek dit ‘n bietjie.
   - Gee vir elke kind ‘n beurt om ‘n slaaf te wees.
   - Laat die ander kinders vir daardie kind bevele gee wat hy moet uitvoer, soos om hulle skoenveters vas te maak en goed vir hulle te gaan haal.

2. Wat is ‘n profeet?
   - Lees Jer. 38: 17 ‘n paar keer en laat die klem elke keer val op “So sê die Here die almagtige God”. Vra hulle elke keer of die teks vers vir hulle verduidelik wat ‘n profeet is. (Herinner hulle aan Jona en wat sy opdrag was.)
   - Help die kinders om te verstaan dat die profete in die ou testament vir die mense vertel het wat God vir hulle wou sê. God het die mense gewoonlik gewaarsku as hulle verkeerde goed gedoen het.

3. Speletjie: Bou ‘n huis
   - Daar is twee bevele:
     - Bevel 1 is: Bou ‘n huis. Dan moet twee kinders bymekaar gaan staan, vir mekaar kyk en hande vat, sodat hulle met hulle lyfies ‘n huisie vorm. Hulle arms vorm die dak.



     - Daar moet dan ‘n maatjie “in die huisie gaan klim”.
     - Bevel 2 is: Jou huis brand af. Die kinders wat saam ‘n husie gevorm het, moet dan ‘n nuwe huisie saam met ander maats vorm.
     - Jy, as aanbieder moet elke tweede rondte saam speel, sodat dat altyd 1 of 2 kinders te veel is, wat dus sal oorbly na almal husies gevorm het. Hierdie kinders is dan uit.
     - Kyk wie is laaste oor.
     - Reël vooraf in die week om hierdie speletjie saam met ‘n ander klas te speel indien jy te min kinders in jou klas het.
   - 

4. Laat almal hulle Bybels by bl. 178 oopmaak.
   - Lees saam bl. 178 en 179.
   - Laat die kinders die verhaal, in hulle eie woorde, oorvertel.

Les 21



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 23

## Bl. 180 - 185 ‘n Spesiale skool/ Die toets word geslaag

1. Vra vir die kinders hoe dit sal voel as ‘n vreemde land teen ons kom oorlog maak en jou weg vat sodat jy nooit weer jou mamma en pappa of familie sien nie?
   - Hoe sal ‘n mens voel? Bang en hartseer.
   - Verduidelik aan die kinders dat ons vandag ‘n stuk geskiedenis uit die volk Israel gaan lees. 4 Kinders word van hulle mammas en pappas af weggeneem.
   - As jou mamma of pappa nie meer daar is om vir jou te sê wat om te doen nie, dink jy jy sal nogsteeds soet wees of sal jy vergeet wat hulle jou geleer het?

2. Laat almal hulle Bybels by bl. 180 oopmaak.
   - Lees/vertel saam met die kinders die verhaal soos dit op bl. 180 - 185 geskryf is.
   - Vra vir die kinders die volgende vrae:
     - Wat was die koning se naam wat die Jode gevange geneem het? (Nebukadnesar)
     - Waar moes die mense gaan woon? (Babel)
     - Wat was die seuns se Joodse name? (Daniël, Gananja, Misael, en Asarja)
     - Wat was hulle nuwe name? (Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego)
     - Waarom wou Daniël en sy vriende nie die kos eet wat vir hulle gegee is nie? (Die diere is nie op die spesiale manier doodgemaak soos wat God hulle geleer het om te doen nie.)
     - Wat het Daniël en sy vriende op die ou end geëet? (Net groente)
     - Watter spesiale gawe het Daniël van God ontvang? (Hy kon vir mense sê wat hulle drome beteken.)
     - Wat het die koning met Daniël en sy maats gedoen toe hy sien dat hulle al sy vrae kan antwoord? (Hy het hulle gekies om sy raadgewers te wees.)

3. Vaslegginsopsies


3.1 ‘n Nuwe naam:
- Skryf name, wat nie in jou klas is nie, op stukkies papier en gooin dit in ‘n houer.
- Gee ‘n kind ‘n kans om ‘n naam te trek. (Vluister in die gr. 1 en 2’s se ore wat die naam is indien hulle dit nog nie kan lees nie.)
- Hy/sy moet die eerste letter van die naam sê en dan moet die ander kinders, een vir een, raai wat sy/haar nuwe naam is.
- Gee vir elke kind ‘n geleentheid om te speel.

- Bespreek nou die aktiwiteit met die kinders.
- Wat dink hulle het dit met die Bybelverhaal te doen? (Daniël en sy maats het nuwe name gekry.)
- Waarom dink hulle het die mense vir hulle nuwe name gegee. (Hulle wou hê dat die kinders moet vergeet dat hulle Jode is. Vir Daniël en sy maats het dit ook beteken dat hulle moes vergeet dat hulle aan God se volk behoort.)
- Maar Daniël en sy maats het nie vir God vergeet nie, al was hulle in ‘n vreemde land en al het hulle vreemde, nuwe name gekry.

3.2 Kaart speletjie: Jok (“Cheat”)
- Verdeel die kaarte tussen almal.
- Die persoon met die A van harte speel heel eerste en sit sy kaart, gesig na onder, in die middel neer. Dan kry elkeen, kloksgewys ‘n beurt om te speel.

- Elkeen moet ‘n kaart hoër as die vorige een neersit: A, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, Jack, Queen, King, A, 2, 3, …
- Onthou die kaarte word gesig na onder neergesit sodat niemand kan sien of dit wel die regte kaart is wat neergesit word nie. Die persoon kant dus jok.
- Wanneer jy dink iemand jok, sê jy hardop: “Jok!”
- Indien die persoon gejok het, moet hy die hele pak kaarte, in die middel, optel en dan weer begin speel.
- Indien die persoon nie gejok het nie, moet die een wat gesê het hy het, die kaarte optel en weer begin.
- Die een wat eerste al sy kaarte neergesit het, wen.

- Bespreek nou die speletjie. Wat sê die kinders het die speletjie met die Bybelverhaal te doen? (Jy kan hulle help om uit te kom by Daniël en sy maats wat nogsteeds gedoen het wat hulle ma’s en pa’s hulle geleer het, al was hulle nie daar om te kyk of hulle die regte ding doen nie. Al was hulle waarskynlik baie bang dat die mense hulle sal seermaak as hulle nie doen wat hulle sê hulle moet nie, het hulle nogsteeds by die reëls gehou wat hulle ouers vir hulle geleer het.)



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 24

## Bl.186 - 189 Die towenaars/ ‘n Koninkryk wat nooit ophou nie

1. Speletjie: Wat dink/“droom” ek?
   - Aan die einde van die les is ‘n plakkaat met verskillende items op.
   - Plak dit teen die muur of hou dit op sodat almal dit kan sien.
   - Gee vir elke kind ‘n beurt om ‘n item te kies sonder om vir die ander te sê wat hy/sy gekies het.
   - Sê vir die kind om oor die item te dink, “te droom”.
   - Die ander kinders moet dan raai oor watter item hulle maatjie “gedroom” het.

2. Laat die kinders, almal hulle Bybels by bl. 186 oopmaak.
   - Lees/vertel bl. 186 - 189 saam met die kinders.
   - Vra vir hulle of daar ‘n verband tussen die verhaal en die speletjie is.
   - Wie van hulle kan die verskillende dele van die standbeeld opnoem?
   - Wie kan onthou wat die betekenis van die droom is?
   - Van watter koninkryk praat die droom aan die einde, wat vir altyd sal bly? (Jesus se koninkryk)
   - Wie van hulle kan die hele Bybelverhaal oorvertel?

3. Vasleggings idees

3.1 Speletjie: Lappoppie
- Al die kinders staan om jou.
- Jy sê met ‘n ritme: “Lappoppie, lappoppie, lappoppie…”
- Terwyl jy dit sê maak die kinders met hulle lyfies soos ‘n lappop.
- Sê soms “standbeeld!” Dan moet hulle soos ‘n standbeel gaan stilstaan.
- Kyk of jy hulle kan uitvang.


3.2 Bou die standbeel.
- Gee vir elke kind die volgende?
  - Donkerbruin papier, ligtebruin papier, goue papier, aluminiumfoelie, merkers, kryte, gom, skêr.
  - Gee vir elke kind ‘n stuk bruinpapier en laat hulle die buitelyne van ‘n mannetjie teken.
  - Laat hulle die mannetjie uitknip.
  - Plaas die kop van die mannetjie op ‘n goue stuk papier en laat hulle die kop aftrek.
  - Laat hulle nou die goue kop uitknip.
  - Plaas die bors en arms van die mannetjie op die blinkkant van die foelie en trek dit of die foelie af.
  - Laat die kinders die bors en arms uit die foelie uitknip.
  - Plaas die res van die bolyf (die maag en heupe) op die donkerbruin papier en trek dit af.
  - Laat die kinders dit uitknip.
  - Plaas die bene van die mannetjie op die dowwe kant van die foelie en trek dit af.
  - Laat die kinders die bene uit die dowwe kant van die foelie knip.
  - Plaas die voete op die ligtebruin papier en trek dit af.
  - Laat die kinders die voete uitknip en dan in groterige stukke knip.
  - Plak nou alles op die donkerbruin mannetjie.

    - Doe ouerkinders kan die mannetjie op ‘n ander papier plak en die verskillende dele as byskrifte inskryf.
- Vra weer vir die kinders of hulle nog die verskillende dele van die standbeeld kan opnoem asook die betekenis daarvan.


3.3 Speletjie: Bid wanneer jy hulp nodig het

- Speel aan-aan.
- Kies ‘n kind om aan te wees. Ruil kort-kort wie aan is, sodat elkeen ‘n beurt kry.
- Wanneer ‘n kind aan gemaak is, moet hy op sy knieë gaan staan, met sy hande voor hom saamgevoeg, sodat dit lyk of hy bid.
- Een van die maats wat nog nie aan is nie, kan dan aan hierdie maatjie kom raak en dan mag hy weer saamspeel.
- Vra aan die einde van die speletjie wat die speletjie met die Bybelverhaal te doen het. (Daniël en sy maats het gebid en vir die Here gevra om hulle te help toe die koning wou hê hulle moet self vertel wat hy gedroom het, asook dit uitlê.)














**Kleur die prent mooi in.**

# Les 25
## Hersiening

1. Ons het die afgelope paar weke die volgende lesse behandel:
   - Les 20 Bl. 172 - 175 Die weglоper van God/ Die groot vis
   - Les 21 Bl. 176&178 Jona is gehoorsaam/God is goed
   - Les 22 Bl. 178 - 179 Jeremia bly agter
   - Les 23 Bl. 180 - 185 ‘n Spesiale skool/ Die toets word geslaag
   - Les Bl.186 - 189 Die towenaars/ ‘n Koninkryk wat nooit ophou nie

2. Laat al die kinders, in hulle eie Bybels, saam, die lesse deur blaai.
   - Kyk of hulle nog die verhale kan oorvertel.

3. Speel van die speletjies wat die kinders baie geniet het.








Les 21





# Les 26
## Bl. 190 - 191 Drie dapper mans

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Wat ons hierdie jaar doen:
- Onthou, elke les het twee doele:
  - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
  - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.

3.1 Doel 1:
- Kyk hoeveel van die verhale hulle, in volgorde, kan vertel, deur net na die prente te kyk.

3.2 Doel 2: Ons gaan leer om oor die Bybel te dink
- Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink.
- Vra vir die kinders:
  - Waaroor dink die seuntjie en dogtertjie? **Die Bybel**
  - Waarom dink hulle oor die Bybel?
- Ons wil **BAIE** graag hê hulle moet hierdie twee vrae kan beantwoord en verstaan wat dit beteken.

4. Kom ons dink oor die Bybel.
- Gee vir elkeen ‘n afgerolde papier met die profiel van ‘n kop en ‘n potlood.
- Laat hulle bo aan die prent skryf: *Dink oor die Bybel*
- Laat hulle ‘n paar sondes opnoem wat mense doen.
- Vir die wat kan skryf: laat hulle ‘n paar sondes in die kop skryf. (**In potlood)**
- Vir die wat nie kan skryf nie, laat hulle ‘n prentjie van ‘n sonde teken (byv. Iemand wat steel)
- Herinner hulle, dat wanneer ‘n mens oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die slegte dinge in ons breine uit te vee en mooi dinge in ons breine te plant. (Vir die ouer kinders: die slegte “softwear” word “delete” en die goeie “softwear” word “gedownload”)
- Die mooi dinge wat Jesus in ons breine wil plant, staan in die Bybel.

4.1 Laat die kinders hulle Bybels op bl. 190 oopmaak.
- Lees bl. 190 en 191 saam met die kinders.

4.2 Speletjie: Is jy dapper?
- Sê vir die kinders dat julle gaan toets wie dapper is.
- Elkeen kry ‘n beurt om getoets te word.
- Almal gaan staan in ‘n ry voor die een wie se beurt dit is.
- Een vir een klap die kinders hulle hande so na aan sy gesig as moontlik en elke keer kyk julle of hy sy oë knip.
- Die een wat sy oë die minste knip is die dapperste.
- Kyk of hulle nou die Bybelverhaal uit hulle koppe kan opsê.
- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, met behulp van die speletjie en deur die verhaal vir mekaar te vertel, oor die Bybel gedink het. God het dus nou net ‘n paar sondes uit hulle breine uitgevee en mooi dinge in die plek daarvan geplaas.
- Laat hulle nou ‘n woord of twee uit die kop uitvee.

4.3 Vra vir die kinders die volgende vrae: (Dit gaan nie regtig daaroor of hulle die regte antwoorde gee nie; dit gaan daaroor dat hulle vrymoedigheid ontwikkel om hulle gedagtes te deel. Moet hulle dus nie veel reghelp nie en moet nooit dat hulle voel hulle is verkeerd nie.)


- Waarom wou Daniël se vriende nie voor die beeld gebuig het nie?
- Waarom het al die ander mense voor die beeld gebuig?
- Sou jy so dapper soos Daniël se vriende kon wees? Sou jy bereid wees om in die brandende oond gegooi te word?
- Help die kinders om ‘n lys te maak van dinge waarvoor hulle te bang is om vir Jesus te doen.
  - Om mense in die oë te kyk en vir hulle te glimlag en te groet.
  - Om met iemand te gaan gesels wat skaam is.
  - …
- Wat kan ‘n mens doen as jy bang is om iets vir Jesus te doen? (Bid en vir Jesus vra om jou te help om dapper te wees.)
- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, deur oor die vragies te dink, vir God kans gegee het om ‘n paar sondes uit hulle breine uit te vee en mooi dinge in die plek daarvan te plaas. Wanneer ons oor die Bybel dink, verander Jesus ons, sodat ons ophou om mekaar seer te maak.
- Laat hulle nou ‘n woord of twee uit die kop uitvee.
- Laat hulle die volgende ‘n paar maal opsê:
  - Vra elke keer: Waarom dink ons oor die Bybel?
  - Laat hulle dan, hardop, saam antwoord: Sodat Jesus my kan verander, sodat ek ophou om ander mense seer te maak. As hulle nog lelike goed in hulle koppe oor het, kan hulle elke keer een uitvee nadat hulle dit opgesê het tot dat daar niks meer lelike goed oor is nie.

4.4 Teken ‘n prentjie in die kop.

- Gee die kinders nou ‘n kans om ‘n prentjie in die kop te teken, van, waaroor hulle dink, die Bybelverhaal gaan.

5. Kom ons bid:

- Verwys weer na die plakkaat van Jak. 5: 16, van die Toegewyde Verbintenis les.
  - Lees dit saam met die kinders en vra hulle om weer te verduidelik wat dit beteken.
- Laat hulle elkeen die volgende sin bid en op hulle eie manier voltooi.
  - Jesus, help my asseblief om dapper te wees deur …
  - Byvoorbeeld: Jesus, help my asseblief om dapper te wees deur vir mense te glimlag en hulle te groet.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 27
## Bl. 192 - 193 Die koning se fees

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Wat ons hierdie jaar doen:
   - Onthou, elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.

3.1 Doel 1:
- Kyk hoeveel van die verhale hulle, in volgorde, kan vertel, deur net na die prente te kyk.

3.2 Doel 2: Ons gaan leer om oor die Bybel te dink
- Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink.
- Vra vir die kinders:
  - Waaroor dink die seuntjie en dogtertjie? **Die Bybel**
  - Waarom dink hulle oor die Bybel?
- Ons wil **BAIE** graag hê hulle moet hierdie twee vrae kan beantwoord en verstaan wat dit beteken.

4. Skryf met jou vinger teen die muur.
   - Plak papier teen die muur. Hoor by die kerkkantoor of daar blaaibordpapier is.
   - Meng poeierverf. Kry by die kerkkantoor indien jy nie het nie.
   - Laat die kinders hulle vingers in die poeierverf doop en elkeen sy eie skrif/hieroglief uitdink en op die muur (papier) teken/skryf.

5. Kom ons dink oor die Bybel.
   - Gee vir elkeen 'n afgerolde papier met die profiel van 'n kop en 'n potlood.
   - Laat hulle bo aan die prent skryf: *Dink oor die Bybel*
   - Laat hulle 'n paar sondes opnoem wat mense doen.
   - Vir die wat kan skryf: laat hulle 'n paar sondes in die kop skryf. (**In potlood)**
   - Vir die wat nie kan skryf nie, laat hulle 'n prentjie van 'n sonde teken (byv. Iemand wat steel)
   - Herinner hulle, dat wanneer 'n mens oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die slegte dinge in ons breine uit te vee en mooi dinge in ons breine te plant. (Vir die ouer kinders: die slegte "softwear" word "delete" en die goeie "softwear" word "gedownload")
   - Die mooi dinge wat Jesus in ons breine wil plant, staan in die Bybel.

5.1 Laat die kinders hulle Bybels op bl. 192 oopmaak.
- Lees bl. 192 en 193 saam met die kinders.

5.2 Aktiwiteit: Behandel God en mekaar met respek
- Vra vir die kinders of hulle weet wat die woord *respek* beteken.
- Verduidelik aan hulle dat julle nou gaan oefen om mekaar met respek te behandel.
  - Laat een van die kinders buite die klas wag en gesels met die res oor maniere waarop julle die maatjie met respek kan behandel wanneer hy/sy in die klas in kom. Byvoorbeeld, elkeen groet hom baie mooi, hulle wys vir hom 'n spesiale plekkie waar hy kan gaan sit, hulle vra vir hom of hy iets wil hê om te drink…
  - Gee dalk vir nog een of twee om uit die klas te gaan en herhaal die proses.


- Vra vir hulle die volgende vrae:
  - Hoe het dit gevoel toe die ander maats jou met respek behandel het?
  - Help die maats om aan voorbeelde te dink en te bespreek, wanneer ‘n mens ander mense sonder respek behandel. Byvoorbeeld wanneer jy kwaad is, wanneer jy dink jy is beter as iemand anders.
  - Dink die maats die nuwe koning in die Bybelverhaal wat ons gelees het, het respek vir God gehad? Waarom dink hulle nie so nie? (Hy het nie herken dat God besluit wie koning is nie, hy het die mense uit die tempel se bekers laat drink…)
- Kan die kinders aan nog voorbeelde dink wanneer mense nie respek vir God het nie? (Byvoorbeeld as hulle God se naam as ‘n skelwoord of ‘n uitroep gebruik.)
- Kyk of hulle nou die Bybelverhaal uit hulle koppe kan opsê.
- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, met behulp van die aktiwiteit, deur die verhaal vir mekaar te vertel en deur te gesels oor die verhaal, oor die Bybel gedink het. God het dus nou net ‘n paar sondes uit hulle breine uitgevee en mooi dinge in die plek daarvan geplaas.
- Laat hulle nou ‘n woord of twee uit die kop uitvee.

5.3 Teken ‘n prentjie in die kop.

- Gee die kinders nou ‘n kans om ‘n prentjie in die kop te teken, van, waaroor hulle dink, die Bybelverhaal gaan.

6. Kom ons bid:

- Verwys weer na die plakkaat van Jak. 5: 16, van die Toegewyde Verbintenis les.
  - Lees dit saam met die kinders en vra hulle om weer te verduidelik wat dit beteken.
- Laat hulle elkeen die volgende sin bid.
  - Jesus, help my asseblief om altyd respek vir U te hê. Help my assblief om altyd ander mense met respek te behandel, al is ek kwaad.





**Kleur die prent mooi in.**

# Les 28
## Bl. 194 - 195 Die leeukuil

1. Teksversvaslegging:
   - Aan die einde van die les is ‘n plakkaat, met die teksvers, asook ‘n templaat vir ‘n leeumasker. Druk die plakkaat, asook ‘n leeumasker vir elke kind, uit.
   - Die kinders kan die maskers opsit terwyl hulle die teksvers aanleer.
   - Terwyl hulle sê: “Mense wat nie kinders van God is nie, hardloop weg al jaag niemand hulle nie…”, hardloop hulle op een plek.
   - Dan sê hulle kliphard: “maar kinders van God, het die moed van ‘n leeu!” en dan brul hulle kliphard.
   - Oefen dit tot dat hulle dit goed ken.

2. Die Bybelverhaal
   - Laat die kinders eers weer deur bl. 178 - 185 blaai.
   - Onthou hulle nog dat arme Daniël en sy maats weggevat is van hulle land en hulle ma’s en pa’s af en dat hulle na ‘n spesiale skool toe moes gaan.
   - Die klein seuntjies was baie dapper, want hulle het nie vergeet wat hulle mammas en pappas hulle geleer het nie.
   - Kan hulle nog onthou wat die woord dapper beteken? (Om die regte ding te doen, al is jy bang.)
   - Hulle het nog steeds hulle ma’s en pa’s se reëls bly volg, al kon dit hulle in die moeilikheid laat beland. Hulle was baie dapper!
   - Laat hulle almal hulle Kinderbybels by bl. 194 oopmaak. Lees saam bl. 194&195.
   - Vra vir hulle wat die ooreenkoms tussen die teksvers en die Bybelverhaal is.
   - Het Daniël die moed van ‘n leeu gehad?

3. ‘n Mens raak beter as jy oefen!
   - Laat die kinders bietjie verspring of resieshardloop.
   - Vra hulle of ‘n wêreldkampejoen-atleed van die begin af so goed is en of hy/sy moet oefen om so goed te raak.
   - Verduidelik aan die kinders dat Daniël en sy maats ook geoefen het om al dapperder te raak.
   - Hulle het begin deur dapper te wees deur by die reëls te hou wat hulle ouers vir hulle geleer het, maar op die ou end was hulle so dapper dat hulle bereid was om in die brandende oond en leeukuil gegooi te word.
   - Wanneer die Here sien dat Hy jou met klein goedjies kan vertrou, kan Hy jou met al groter dinge begin vertrou.
   - Help die kinders om ‘n lysie te maak van dinge waarmee die Here hulle kan vertrou:
     - Om gereeld met Hom te gesels.
     - Om vriendelik te wees met ander mense (hulle in die oë te kyk en eerste te groet).
     - Om met kinders te gesels wat alleen is.
     - Om gereeld kerk toe te gaan.
     - Om Bybel te lees.
     - …

4. Kom ons bid.
   - Laat die kinders bid wat op die lysie staan.




Mense wat nie kinders van God is nie, hardloop weg al jaag niemand hulle nie,





maar kinders van God, het die moed van 'n leeu!



**Kleur die prent mooi in.**


# Les 29
## Bl. 196 - 201 Die trotse koning/ Mejuffrou Persië

1. Laat al die kinders hulle Bybels by bl. 196 oopmaak en lees dit saam.
    - Laat die kinders, in hulle eie woorde, vertel wat julle gelees het.

2. Laat die kinders hulle Bybels by bl. 199 oopmaak en lees dit saam.
    - Laat die kinders, in hulle eie woorde, vertel wat julle gelees het.

3. Hou ‘n modeparade.
    - Laat die kinders vir hulle klere uit koerantpapier maak.
    - Gee vir hulle skêre en kleeflint.
    - Indien die klas baie groot is, kan jy hulle in spanne opdeel en dan moet hulle vir een uit die groep klere maak.
    - Gee nou die koerantpapier-geklede-kinders kans om, een vir een, heen en weer te stap soos by ‘n modeparade.

4. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 200 oopmaak en lees dit saam.
    - Vra vir hulle of hulle die verband tussen die Bybelverhaal en die modeparade verstaan.



**Kleur die prent mooi in.**

# Les 30

## Bl. 202 - 208 Die Jode moet sterf/ God se volk veg terug

1. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

2. Wat ons hierdie jaar doen:
   - Onthou, elke les het twee doele:
     - Doel een is om 25 Bybelverhale uit die kop te leer en in volgorde te kan opsê.
     - Doel twee is om oor hierdie Bybelverhale te dink, sodat ons kan uitvind waarom God hulle in die Bybel gesit het.

3.1 Doel 1:
- Kyk hoeveel van die verhale hulle, in volgorde, kan vertel, deur net na die prente te kyk.

3.2 Doel 2: Ons gaan leer om oor die Bybel te dink
- Verwys weer na die prent van die seuntjie en dogtertjie wat oor die Bybel dink.
- Vra vir die kinders:
  - Waaroor dink die seuntjie en dogtertjie? **Die Bybel**
  - Waarom dink hulle oor die Bybel?
- Ons wil **BAIE** graag hê hulle moet hierdie twee vrae kan beantwoord en verstaan wat dit beteken.

4. Kom ons dink oor die Bybel.
   - Gee vir elkeen ‘n afgerolde papier met die profiel van ‘n kop en ‘n potlood.
   - Laat hulle bo aan die prent skryf: *Dink oor die Bybel*
   - Laat hulle ‘n paar sondes opnoem wat mense doen.
   - Vir die wat kan skryf: laat hulle ‘n paar sondes in die kop skryf. (**In potlood)**
   - Vir die wat nie kan skryf nie, laat hulle ‘n prentjie van ‘n sonde teken (byv. Iemand wat steel)
   - Herinner hulle, dat wanneer ‘n mens oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die slegte dinge in ons breine uit te vee en mooi dinge in ons breine te plant. (Vir die ouer kinders: die slegte “softwear” word “delete” en die goeie “softwear” word “gedownload”)
   - Die mooi dinge wat Jesus in ons breine wil plant, staan in die Bybel.

5. Laat die kinders hulle Bybels op bl. 202 oopmaak.
   - Laat die kinders swaarde uit karton sny of sny voor die tyd vir hulle kartonswaarde.
   - Gee vir elkeen ‘n kartonswaard terwyl julle die Byberverhaal lees.
   - Lees/vertel bl. 202 - 208 saam met die kinders. Jy kan die kinders wat kan lees stukkies gee om te lees.

6. Vasleggingsgeleenthede
   - Kies watter van die vasleggingsgeleenthede die beste sal werk vir jou klas.
   - Maak seker die vasleggings pas by jou kinders se intelektuele vermoëns.

6.1 Vasleggingsgeleentheid 1: Ester se verhaal in gebaretaal
- Laat die kinders die volgende gebare maak soos jy die onderstaande hoofdele van die verhaal lees.
- Herhaal dit ‘n paar maal. Dalk kan jy dit al vinniger lees om dit meer pret te maak.

1. *Koningin Ester gaan na die koning toe:* Hou jou uitgestrekte vingers langs jou kop sodat dit soos ‘n kroon lyk.

2. *Die koning koning steek sy septer uit:* Strek jou arm voor jou uit.
3*. Koningin Ester nooi vir Hamman en die koning om by haar te kom eet:* Maak of jy kos, met jou hande eet.
4*. Koningin Ester vertel die koning van Hamman se bose plan:* Wys kwaai met jou vinger na 'n dekbeeldige Hamman
5. *Die koning straf vir Hamman:* Gryp jouself aan die nek en val op die grond.

- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, met behulp van die speletjie, oor die Bybel gedink het. God het dus nou net 'n paar sondes uit hulle breine uitgevee en mooi dinge in die plek daarvan geplaas.
- Laat hulle nou 'n woord of twee uit die kop uitvee.

6.2 Vasleggingsgeleentheid 2: Wat sal jy maak as jy 'n koning of koningin was?
- Gee die kinders een vir een kans om koning of koningin te wees.
- Maak 'n kroon van papier en sit dit op die kind se kop.
- Hierdie kind mag dan bevele uitroep en die ander kinders moet dit dan doen.
- Vra daarna vir die kinders of dit lekker sal wees as almal moet doen wat jy vir hulle sê om te doen?
- Gee hulle kans om voorbeelde te gee wat hulle die mense sou laat doen as hulle regtig koning of koningin was - dink hulle so 'n koning of koningin is 'n goeie koning of koningin?
- Wat sal 'n goeie koning of koningin met sy/haar mag doen?
- Dink hulle Ester was 'n goeie koningin? Waarom dink hulle so?
- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, met behulp van die speletjie en deur daaroor te gesels, oor die Bybel gedink het. God het dus nou net 'n paar sondes uit hulle breine uitgevee en mooi dinge in die plek daarvan geplaas.
- Laat hulle nou 'n woord of twee uit die kop uitvee.


6.3 Vasleggingsgeleentheid 4: Op die regte plek op die regte tyd.
- Maak 'n emmer seepwater aan en gee vir elkeen 'n spons of lap. Kies 'n stuk muur en verdeel die muur in blokkies sodat elke kind 'n blokkie het. Gee vir elke kind 'n blokkie om te was. Maak met opset potloodmerke in een blokkie, maar moenie hierdie blokkie vir enige van hulle gee om skoon te maak nie. (Jy kan die blokkies met potlood teken.)
- Laat die kinders 'n ent van die muur af wegstaan en daarna kyk. Wat let hulle op? (Daar is 'n stukkie wat nie skoon is nie. Niemand het daardie stukkie gewas nie.)
- Neem die kinders na bl. 205 in die Kinderbybel en wys vir hulle waar die volgende aanhaling geskryf staan: "As jy in 'n tyd soos hierdie stilbly, sal God Sy volk deur iemand anders laat red. Dit is waarskynlik waarom jy koningin geword het."
  Laat een van hulle dit lees.
- Vra vir hulle wat die muur-was, vuil stukkie muur en die aanhaling uit die Kinderbybel met mekaar te doen het. (Onthou om hulle nooit te laat voel dat hulle verkeerde antwoorde gee nie.)
- Jy kan wel insette gee soos dat die Here elkeen van ons wil gebruik waar ons is.
  - Elkeen van ons het werkies wat ons vir die Here moet doen.
  - As ons nie ons werkies doen nie (as elkeen nie sy deel doen nie), bly daar vuilkolle teen die muur. Met ander woorde, daar is mense wat nie Jesus se liefde ontvang nie. Kinders van Jesus is die mense wat God se liefde aan ander mense moet gee.
  - Dit is ALMAL van ons se werk om God se liefde aan mense te wys, maar soms is ons die enigste een wat dit aan 'n spesifieke persoon kan wys.

    - Help die kinders om aan mense te dink waar hulle in die beste posisie is om aan daardie persoon liefde te bewys.
- Verduidelik aan hulle dat hulle nou net, deur die was van die muur en deur daaroor te gesels, oor die Bybel gedink het. God het dus nou net ‘n paar sondes uit hulle breine uitgevee en mooi dinge in die plek daarvan geplaas.
- Laat hulle nou ‘n woord of twee uit die kop uitvee.

7. Teksversvaslegging: Hebr. 11: 1
    - Gee vir elkeen ‘n kans om hulle oë toe te hou. Hou ‘n paar vingers voor hulle en vra hulle elke keer om te raai hoeveel vingers jy ophou. Vra elke keer nadat hulle geraa het: “Is jy seker?”
    - Lees die teksvers, vir die kinders, in die Bybel.
    - Aan die einde van die les is ‘n vereenvoudigde weergawe van die teksvers.
    - Help die kinders dit uit hulle koppe te leer.
    - Help hulle om die teksvers te verstaan: Ester het geglo die Here sal alles mooi laat uitwerk, al was sy bang en kon sy nie sien wat gaan gebeur nie.

8. Teken ‘n prentjie in die kop.
    - Gee die kinders nou ‘n kans om ‘n prentjie in die kop te teken, van, waaroor hulle dink, die Bybelverhaal gaan.

9. Kom ons bid:
    - Verwys weer na die plakkaat van Jak. 5: 16, van die Toegewyde Verbintenis les.
        - Lees dit saam met die kinders en vra hulle om weer te verduidelik wat dit beteken.
    - Gaan hulle voor en laat hulle elkeen die volgende sinne agter jou aan bid.
        - Jesus, help my asseblief om te glo dat alles mooi sal uitwerk, al is ek bang en al kan ek nie sien wat gaan gebeur nie.
        - Jesus, help my asseblief om te besef dat ek soms die enigste een is wat liefde aan ‘n spesifieke persoon kan wys.



# Hebreërs 11: 1



Om te glo
is om seker te
wees
van dit wat jy nie
kan sien nie.





**Kleur die prent mooi in.**


# Les 31
## Hersiening

1. Ons het die afgelope paar weke die volgende lesse behandel:
   - Les 26 Bl. 190 - 191 Drie dapper mans
   - Les 27 Bl. 192 - 193 Die koning se fees
   - Les 28 Bl. 194 - 195 Die leeukuil
   - Les 29 Bl. 196 - 201 Die trotse koning/ Mejuffrou Persië
   - Les 30 Bl. 202 - 208 Die Jode moet sterf/ God se volk veg terug


2. Laat al die kinders, in hulle eie Bybels, saam, die lesse deur blaai.
   - Kyk of hulle nog die verhale kan oorvertel.

3. Speel van die speletjies wat die kinders baie geniet het.











Les 29